# Geestes-ervarings

Deur die innerlike word gedikteer aan:

**Louise Snyder**

Gedruk en geset deur:
**Ariël Drukkers**
Posbus 1130
Hartebeespoort,
0216
Tel: (012) 376 2532
3762999/7
Faks: 376 2983
e-pos: koerier@global. co. za
Webwerf: www.
nuweopenbaring. co. za

# Geesteservarings

## DEEL 1

***22 Des. 2007 12:30***

EK sien in die lug die volgende geskryf staan: LET OP! Reg onder dit is ‘n harde klip. ‘n Glas water word oor die klip uitgegiet en die klip begin smelt. Die gesmelte klip loop so oor ‘n oppervlak en daar kom ‘n sprankelende pragtige druppel en val op die gesmelte klip. Die gesmelte klip word ook so pragtig en sprankelend en heeltemal deurskynend soos die mooiste glas. Die druppel lyk dieselfde. Die klip kom weer bymekaar om ‘n perfekte bolvormige hartjievorm te maak. ‘n Pragtige kristalagtige hartjie waarin ‘n man en vrou staan wat na mekaar kyk en hande vashou. Sy het ‘n trourok aan en blomme in haar hare. HY het ‘n pak klere aan en dis duidelik hulle huweliksdag.

***22Des. 2007 ( die middag)***

Ek staan op n grasvlakte saam met Jahshua en HY hou iets in SY hand. ‘n Diamant, baie groot, omtrent soos ‘n tennisbal. HY hou die diamant na die son en draai die diamant stadig terwyl die lig daardeur skyn en die pragtigste kleure uitstraal. Blou, groen, geel, rooi ensovoorts. Vader wys my dat die groen gras verlig word in verskillende kleure. Toe sê HY vir my dat ek die diamant is en HY die son. Ek moet vir HOM werk deur my verskillende kleure uit te straal. Die kleure sal dan die mense na my trek sodat ek hulle na Vader kan lei. Die kleure is die vrugte van die Gees wat ander na HOM moet trek.

**Vader dikteer toe die volgende aan my:**

Julle is MY bruid wat gereinig moet word sodat EK met MY bruid in die eg kan verbind. Laat MY toe om julle harte van klip te smelt en te reinig sodat julle vir MY ‘n lieflike bruid, versier met die pragtigste blomme kan wees. EK, julle Verlosser is deur die smeltkroes vir julle deur MY kruisiging op aarde. Gaan julle nou deur die smeltkroes van MY reiniging sodat EK MY GEES oor

julle kan uitstort *(die sprankelende druppel. Louise)* en julle volmaak kan word vir MY en EK met Sion, MY bruid kan trou. Amen.

***23 Des. 2007 07:18***

Ek is op ‘n strand saam met Jahshua en HY sê ek moet oor die see uitkyk. Baie skippies is op pad na die kus waar Ons staan. Een van die skippies is my lewenskip. Dit is outydse skippies met mooi seile. Jahshua sê ek moet om my kyk en ek sien dat die wolke begin saampak en die wind begin te waai. Die wind waai reg van voor en probeer die skippies terug waai in die see. Maar hulle seile bol uit na die kus asof ‘n sterker wind hulle van agter af aanwaai en stoot. Daar kom ‘n reuse golf van agter, maar help eintlik net die skippies aan om vinniger by die strand uit te kom, sonder om die skippies te verswelg. Toe sien ek elke skippie het veilig op die strand aangekom en daar is nie een wat beskadig is of gesink het nie. VADER sê toe dat die winde en storms niks aan SY kinders kan doen nie. Hulle sal almal veilig aan die hemelse kus land.

# DEEL 2

***23 Des. 2007 19:30***

Ek staan op die top van die berg Sion wat soos ‘n pêrel lyk saam met Jahshua. Daar vloei sprankelende, skitterende vloeistof oor die berg wat tot op die voet van die berg loop. Die berg verander in ‘n pragtige groot, skitterende diamant wat net soos die vloeistof lyk wat oor die berg gevloei het. Ek staan nog steeds op die top van die berg saam met Jahshua en HY sê aan my dat dit SY Gees is wat oor ons volkie uitgegiet gaan word en dat ons in ‘n pragtige rein, skitterende diamant sal verander. HY vra my wie op die top staan en ek antwoord dat dit HY is. HY vra my wie nog by HOM staan op die top en ek antwoord dat dit net ek is. HY sê dat HY en ek en almal wat vooruit gaan, die volk sal regeer en dat satan se regering gebreek sal wees. Ek gaan nie op die nuwe aarde wees nie, omdat ek voor die tyd by HOM opgeneem sal

wees en al die ander, wat ook in die geloofstryd vir HOM sal sterf, sal ook saam met HOM oor die mense van die nuwe aarde regeer in liefde en hulle leer. Die diamant het baie vlakke en ek moet baie naby kyk. Ek sien mensgesigte in die diamant en almal is rein. Dit is die mense wat die nuwe aarde gaan beërwe. Hulle word meer en die diamant word groter. Die oues word baie oud en het spierwit lang baarde en ook spierwit hare. Vader sê dit beteken dat hulle baie wys sal wees en deur ons geleer sal word. (Vader en die wat vooruit gegaan het. ) Ons sal die hele tyd met hulle in verbinding wees en hulle heeltemal in Vader se wysheid inlei. Op die vlakke van die diamant skitter dit en daar is miljoene “liggies” wat elkeen al die kleure van die reënboog uitstraal en Vader sê ek moet na elke “liggie” kyk. Elke een het SY pragtige glimlaggende gesig daarin. Dit beteken dat HY alleen regeerder gaan wees en dat satan se mag heeltemal gebreek sal wees. Dit is ‘n pragtige diamantberg wat miljoene kleure uitstraal en skitter wat eintlik moeilik is om te beskryf, omdat ek nog nooit so iets gesien het nie.

***23 Des. 2007 23:00***

Ek praat met Vader voor die glasdeur in die sitkamer en HY sê dat ons moet weet dat die moeilikheid in die land nie meer vêr is nie. Dat ons nie meer lank so lekker in ons huise sal leef nie. HY sê dat HY ons altyd sal uitlei en red. Ook sê Jahshua vir my dat ons niks moet inpak of bymekaarmaak nie. HY sê dat ek moet kyk na wat HY in SY hande vashou. Ek sien eers nie wat dit is nie en moet baie konsentreer. Ek sien toe niks wat daar in SY Hande lê nie, maar ek sien die spykermerke en ek verstaan toe wat HY bedoel. HY het ons verlos van die dood deur SY kruisiging. HY sê toe vir my: ”Ja MY kind, verlossing”!

Dit is wat HY vir ons in SY hande het vir die komende tyd.

# DEEL 3

***24 Des. 2007 07:30***

Ek is by Jahshua op ‘n pragtige groen plek en dit lyk soos vroeg in die oggend as die son op is. Alles is verlig en pragtig. Ek praat met HOM oor allerhande dinge en HY verduidelik aan my ‘n paar goed. Die liefde wat uit HOM uit straal is so pragtig en SY hare blink. Die volgende oomblik besef ek dat dit donker word soos tydens ‘n groot donderweer en storm, maar die donker wolke kom nie van bo nie, dit is asof die donker wolke my en Jahshua omring. Dit gebeur baie skielik. Vader sê dat ons moeilikheid net so vinnig gaan gebeur. HY sê dat ek my kinders by HOM in die laer sal moet los om ander te gaan help. HY sal na hulle kyk en ek sien dat HY met hulle op ‘n grasheuwel sit en gesels. HY staan weer voor my en sê dat ek deur die swaar wat voorlê, met HOM een sal word. Net soos SY dissipels in Boek 11 Johannes evangelie in afsondering gelaaf het en tog baie geleer het, is ek nou ook in afsondering en leer nou baie. Terwyl ons so praat, besef ek dat die sonlig nou weer op SY hare blink en dat alles weer verlig is. Ek weet nie wanneer dit gebeur het nie, dit is net asof ek nou eers weer daarna opgelet het. HY sê toe vir MY dat dit is omdat ek my oog op HOM gehou het, dat ek nie eers die storm om my beleef het nie en dat die moeilikheid weer gou verby sal wees. Ons moet net ons oë op HOM gerig hou en dan sal alles baie gou verby wees en ons sal nie eers die storm beleef nie, al gaan dit ons slaan. HY sê ook dat mense baie lief vir diamante is en daarom moet jy deur SY lig wat op jou skyn, reflekteer in die mooiste kleure, sodat ander dit kan sien en aangetrek word. HY sê ook dat satan die diamant in jou hart wil steel, net soos vandag se diewe mense van hulle aardse diamante beroof.

***24 Des. 2007 12:00***

Ek staan saam met Jahshua op die aardbol en ek sien die kontinente en oseane soos vanuit die ruimte. Die aarde begin te bewe en ruk soos iemand wat koud kry. Ek sien die see wat baie woes raak. Die water spat sommer so hoog tot in die binneland.

Dit is baie erger as groot golwe. Bergtoppe breek af en val in die see. Daar kom ‘n baie groot skeur in die Afrika-kontinent en die noordelike gedeelte val ook in die see. Baie gedeeltes van Europa is ook onder die water. Eilande is ook onder water. Die aarde lyk nie meer dieselfde nie.

***21:00***

Ek loop saam met Jahshua in ‘n grasveld en in die gras lê ‘n blou bal met rooi “zig-zag” strepe op. Jahshua sê dat ek dit van naderby moet bekyk. Ek sien dat daar geel kolle op die rooi is en groen kolle op die blou gedeeltes is. Ek moet nog nader kyk en sien toe dat die geel kolle oë is en die groen kolle ore is. Die bal verander toe in ‘n reuse rooi mond wat met my praat. Daar volg toe ‘n lang gedig waarin die aarde haar lot bekla en die mense waarsku dat die tyd min is: Luister, luister, ek roep nie, ek fluister. Die tye is baie duister. Elke liewe myn, verskaf my ingewande pyn…. . ek kan nie alles wat gesê is onthou nie, maar na die gedig verander die bal in ‘n huilende gesig. Vader sê dat die aarde weet dat haar tyd min geword het en dat sy ook bang is, maar bly omdat sy daarna weer deur Vader pragtig gemaak gaan word. Die aarde voel ook dat SY reiniging, pyniging is.

# DEEL 4

***27 Des. 2007***

Ek sien dat Jahshua op ‘n golf staan en HY vra my of ek ook daar saam met Hom wil kom staan. Ek sê ja en die volgende oomblik is EK by HOM op die golf. HY vra my wat ek sien en ek sien die groot see voor my. HY sê dat ons moet omdraai en ek sien die strand met baie mense daar staan. Die golf bly asof gevries en EK staan saam met Jahshua op die golf. Daar onder op die strand is baie mense, onder andere my oupa wat al lank gelede oorlede is. Ek sien dat hulle ‘n lied vir Vader sing en hulle is wit aangetrek. Daar skyn lig op hulle soos die vroeë môre sonlig. Hulle almal wink vir my om na hulle te kom en ek wil graag, maar die golf is baie hoog en ek moet eers daar afkom. Jahshua sê dat

die afklim van die golf beteken al die dinge soos die geloofstryd wat ek eers sal moet deurmaak voordat ek op die strand kan kom. Ek sê dat ek glo dat HY my die krag sal gee om van die golf af te kom net soos wat HY my gehelp het om bo-op die golf te kan kom. Ek het gewillig op die golf geklim na HOM en dit beteken dat ek gewillig die pad vir HOM wil stap en die swaarkry wat daarmee saamgaan

# DEEL 5

***3 Jan. 2008 6:00***

Julle volkie is vir MY 'n heiligdom en EK kom een van die dae om julle te bevry en julle reguit na MY te lei tot in MY Vaderhuis waar elkeen tuis sal wees. Vrees nie, MY kinders, vrees nie die slegte tydings wat julle sal hoor nie. Daar sal wel mense wees wat op 'n wrede manier van die tydelike liggaam verlos word, maar julle wat aan MY vashou, hoef niks te vrees nie. EK is nie 'n God van geweld nie, maar het ook die vernietiger in MY hand wat deel van die suiwering van die volk is. EK, julle Vader en Skepper sal julle wat MY werklik wil dien, nooit aan hulle hande oorgee nie. Julle sal wel deur hulle in 'n lokval gelei word en hulle sal probeer om julle aan te val, maar onthou, EK is in beheer en die aanval is nie uit MY nie. Duisende kinders van MY sal daarvan kan getuig. Laat ander jou vertel van hulle ondervindings en laat MY toe om jou op te pas. Vergeet van jou wapens, hulle is in elke geval nie veel werd nie. Die wapen is maar net 'n instrument in MY hande en EK het nie gewere nodig om julle te beskerm nie. EK beskerm julle met MY Almag en Liefde. Dit moet julle altyd baie goed onthou. Amen.

*Ek het Jahshua hiervoor gedank en HY het aan my gesê SY liefde is ons behoud. Dit is wat HY vir die doen wat HOM liefhet*.

Liewe lesers, ek en Basie het gisteraand in die donker vir my skoonma se hond gaan kos gee. Dit is 'n hele ent van ons huis af en ons was 'n hele ruk buite gewees. Ek het my kinders alleen by

die huis gelos aangesien dit nie so vêr van ons af is nie. Dit is omtrent 50m van ons huis af en dan is daar nog buitegeboue tussenin en ‘n groentetuin. Toe ons by ons huis kom, hoor ek iets soos voëltjies wat fluit onder ons huis in die groentetuin. Ek het duidelik gehoor dit is nie voëls nie en het dadelik geweet dis swartes. Hulle het mekaar geantwoord met die gefluit. Ek vra toe vir Vader en HY sê dat ek in die huis moes ingaan en my man moet net een skoot, in die rigting vanwaar die gefluit kom, skiet en dan ook dadelik inkom. Dae aaneen raas hulle hier om ons en speel klipharde musiek by hulle statte wat net ‘n entjie hoër op in die teerpad is. Hulle ken ons al baie goed en is nie bang vir geweerskote nie, omdat ons baie bosvarke en ystervarke het wat ons moet skiet (ook in die groentetuin). Nadat Basie geskiet het, het hulle tjoepstil geword en dadelik hulle musiek afgesit. Hulle het sommer ook nie meer geskree terwyl hulle in die teerpad loop nie. Ons bly ongelukkig teen die teerpad en hulle sal mekaar mos altyd roep en kliphard praat. Vader het gepraat gisteraand, want direk daarna is die radio ook toe sommer af. Die beste van alles is dat niemand van ons bang was nie, nie eers die kinders nie. Ons was daarna weer uit om die pomp te gaan stop en het sonder enige vrees die wêreld vol gestap. Ek het toe by Vader die volgende gekry:

***2 Jan 2008 22:20***

EK het vanaand MY engele gestuur om julle te beskerm. ’n Tweede keer het hulle gekom om julle uit te wis en moes weer onverrigtersake terugkeer. Julle was salig onbewus daarvan en het julle gang gegaan, sonder enige vrees. MY kinders, dit is hoe EK julle al menigmale uit groot gevare uit gered het. Julle kan maar rustig wees want EK, die Groot Skepper en Rigter van die heelal, sien na julle om. Skaam en bang het die vyand gevlug en vlug nou nog. Hulle kan alles sien wat julle doen, omdat hulle julle in die gees dophou. EK beskerm julle egter en hulle kon nie verby MY en MY engele kom nie. Hulle haat julle, MY kinders, en sal weer vir ‘n laaste maal probeer om julle te oorrompel. Die skande sal dan nog groter wees, omdat jy vrou-alleen sal wees en hulle op die vlug sal slaan vir jou.

Jou gees sal hulle die skrik op die lyf jaag en hulle sal vlug om nooit weer terug te kom nie. MY kind, EK sal met julle wees, altyd. En dink aan MY altyddeur en jy sal nooit beskaamd staan nie. Amen.

Vader het ook al in die verlede gesê dat hulle my oordag gaan probeer aanval, maar dat hulle voor die tyd baie onder mekaar gaan stry of hulle moet of nie. Dit is seker omdat hulle nou al twee keer nie kon slaag nie. Hulle weet Vader is hier by ons en is bang, maar gaan nogtans probeer. Hulle gaan dan ook onder mekaar praat van ‘n groot kwaai baas. Vader het my SY engele om ons huis gewys en ek het my oorlede oupa onder hulle gesien. Dit was nou al meer as ‘n week terug dat Vader dit vir my gewys het en HY het gesê dat hulle my sal wil aanval. Die Woorde van gisteraand was net weer ‘n bevestiging. Ek weet nie waar Basie op daardie stadium gaan wees nie, maar Vader is gelukkig altyd by ons almal.

Vader het ook gesê dat HY nie vanoggend vir my ‘n hoofstuk van Die bevryding gaan gee nie, maar hier is ‘n paar dinge wat HY vir my gewys het gister, so deur die dag.

HY het my gewys dat HY twaalf ringe aan SY vingers het. Twee aan elke duim. Dit is die trouringe wat HY aan die twaalf stamme van Israel gaan gee, wanneer HY weer in die huwelik met Sion tree. Vader wys dit net vir my op so ‘n manier, maar mens moenie glo dat Vader se hande altyd met juweliersware getooi is nie. Vanoggend het ek ook SY hande gesien en daar was nie ringe aan nie. (Ek sê dit maar net omdat ek bang is mense sien Vader in die verkeerde lig)

Gisteraand het Vader vir MY gesê dat ek in die gees na HOM moet kom voordat ek gaan slaap en dit was net so voor twaalf. Ek sit op SY skoot en HY wys my ‘n album vol foto’s van myself. Ek sien dinge daarin soos bv. die keer toe ek koekies geëet het toe my pa gesê het ek mag nie, omdat ek nog nie my kos geëet het nie. (Ek het toe ‘n lekker pak slae daaroor gekry). Ek was seker omtrent 4 jaar oud. Dan is daar foto’s van ander dinge, goed en sleg, wat ek gedoen het. Vader sê dit is die album wat ek van myself het en HY bêre hom en haal SY album van my uit. Daar is

net een groot foto in en dit is waar HY my in SY arms vashou. HY sê dat HY alles vergeet van iemand wat HOM liefhet en dan is die liefde vir HOM al wat HY onthou. (Ons liefdevolle vergewende Vader, né. Louise)

Jahshua het vir my ‘n halwe varingtakkie gegee wat pragtig groen is. Agterop is die spoortjies van die varing van goud. Jahshua steek die takkie aan my klere vas en ek vra HOM wat dit beteken en HY sê die varing beteken getrouheid. HY sê dat ek getrou aan HOM sal bly tot op die einde. Ek vra HOM waarom die takkie in die helfte afgebreek is en HY sê dat die ander helfte nog aan die plant is en as ek by HOM kom sal dit weer aanmekaar geheg word. Vader het in die verlede al vir my ‘n ster op my kop gesit en ‘n diamant in my hart. Ook het ek al verskillende klere aangehad. Vader het ook al aan my rose gegee. Ek wonder of dit die geestelike goedere is wat ons op aarde bymekaar moet maak wat so voorgestel word. Baie groete en liefde Louise.

# DEEL 6

***6 Jan. 2008 06. 04***

Ek en Jahshua sit op die grond en HY praat met MY en sê dat ek na SY hande moet kyk. HY wys my SY deurboorde hande en sê dat ek na myne moet kyk. Dit is pikswart verbrand tot voor die elmboë. Ek sien my voete en bene tot in die helfte van my maermerries ook. Ook is my kop verbrand. HY sê dat ek my hande teen SYNE moet sit. Ek doen dit en my hande word verheerlik en blink en is vol sterretjies. HY sê dat ek besig is om myself te verloën en my eie ek is besig om tot niet te gaan, maar ek het nog baie om te “verbrand” voor ek reg is. HY sê dat alles eers verbrand moet word, voor mens een met HOM kan word.

**Vader dikteer:**

Kruisig julleself om een met MY te kan word, EK herhaal, kruisig julle eie ek. “Maak dood” die verstand en liggaam wat behaag wil word en word een met MY. Amen

***5 Jan. 2008 15. 20***

Ek het op die bed gelê en lees en gevoel dat ek nou lekker lui word en wou net die boek neersit om te slaap, toe ek hier in my binneste voel dat Jahshua my roep. Ek het nie SY stem gehoor soos altyd nie, dit was net 'n gevoel dat ek myself nou dadelik moes gaan afsonder. Ek het gedink dat ek net 'n klein bietjie sou slaap en dan sou gaan, aangesien die wind daarbuite gewaai het en dit 'n lekker leesdag was. Maar die drang het al groter binne my geword en ek het vir Jahshua gevra of HY my roep en wat ek vir HOM moes doen. HY het my die volgende antwoord gegee wat my dadelik en baie haastig van die bed af opgejaag het. HY het gesê" MY kind, jy weet wat EK wil hê. Die mens wat eers sy liggaam wil behaag en MY tweede stel, is MY nie werd nie." Ek het oombliklik opgestaan en onder die boom gaan sit waar ek gewoond is om myself af te sonder en Jahshua het my die volgende gewys. HY het my gedra na 'n plek waar HY sê al die mense heengaan wat net hulle liggame wil behaag. Daar was 'n vrou en 'n dooie man op 'n stoel voor haar. Sy het die lyk gepamperlang op allerhande wyses. Eers het sy sy hare gekam en sy bene met room gesmeer. Daarna het sy vir hom koeldrank gebring en dit in die dooie se keel afgegooi. Sy het heen en weer gehardloop om alles te doen vir die dooie man. Daarna gaan haal sy 'n lae stoeltjie en sit sy dooie voete daarop en gooi 'n kombersie oor sy voete. Hy begin later heeltemal ontbind. Daar val toe 'n stuk vleis uit sy wang uit. Sy kop hang skeef en sy hele kopvel val op die grond. Die vrou gryp die stuk vleis en probeer dit terugsit op sy wang, maar dit wil nie daar bly nie en sy gaan in 'n toestand in daaroor. Sy probeer ook die kopvel terugsit, maar ook dit wil nie werk nie. Sy hande hang slap langs sy liggaam en sy vingers begin afval en die vrou is tot trane geroer en al wat sy sê is "die liggaam, die liggaam"!

Sy val toe in 'n hopie op die grond en huil onbedaarlik tot daar 'n engel aankom en haar vra of sy nie na 'n beter plek wil gaan nie. Sy spring op en sê; "nee, die liggaam!" Hy raak toe die liggaam aan en die vleis, kopvel en vingers sit weer aan die lyk vas. Die vrou vergeet skoon van die engel langs haar en hardloop weer heen en weer om die liggaam so gemaklik as moontlik te maak.

Jahshua sê vir my, ”Sien MY kind, dit is hoe dit met die mense gaan wat die liggaam teveel wil behaag. Die liggaam is die dood en as jy jou eie liggaam so behaag, is dit presies dieselfde, want jou liggaam is ook die dood, al lewe jy nog. ” Dit is net soos die vrou, omdat sy ook die dood dien.

# DEEL 7

***Kaapstad***

***8 Jan. 2008 05. 18***

Ek staan saam met Jahshua op ‘n baie hoë berg en daar onder in die mis is ‘n groot stad. Ek sien die stad is teen die see. Ek was nog nooit in Kaapstad nie en Jahshua sê dat dit Kaapstad is en Ek staan saam met HOM op Tafelberg. Ek sien die see daar vêr. Skielik kom die water van die see en oordek die hele stad, totdat die water ‘n paar meter onder die kranse van die berg is. Dit maak my benoud omdat ek dink aan die arme mense wat so skielik onder die diep water verdwyn en EK vra vir Jahshua wat nou met die mense gaan gebeur. HY sê vir my dat dit gaan gebeur tydens die groot aardbewing en EK vra vir HOM wat dan nou gaan gebeur met die wat HOM liefhet. HY sê dat daar uiters min mense in Kaapstad is wat HOM liefhet, maar dat HY hulle sal red en hulle sal deur HOM gehelp word sodat hulle niks kan oorkom nie. Dit was ‘n skielike gebeurtenis. Ek sê vir HOM dat ek dan verstaan het dat Afrika groter gaan word omdat daar ‘n stuk van die kontinent uit die see gaan rys. Hy sê vir my “ Ja, MY kind maar jy weet mos nie op watter plek Afrika verleng gaan word en watter gedeelte onder water gaan wees nie?” Ek het maar gedink dat Afrika daar uit die see gaan rys en daar verleng sal word, maar soos wat ek verstaan sal dit meer Suidwes van Kaapstad gebeur. Alles is in Vader se hand.

# Deel 8

***Donderdag 10 Jan. 2008 6:00***

Ek staan in Jahshua se arms op ‘n hoë rots en HY wys my daar in die verte. Daar is ‘n woestyn en ek sien twee groepe soldate

wat op mekaar begin skiet. Hulle skiet mekaar stukkend vir geen goeie rede op aarde nie. Ek sien op sy sy, net soos ‘n kind wat met sy karretjies speel, lê ‘n draak en hy speel met die soldate. Hy laat hulle op mekaar skiet en dan stuur hy met sy vieslike vinger tenks onder hulle in om mekaar dood te maak. Terwyl hierdie twee nog so op mekaar skiet, kom daar ‘n ander groep van dieper uit die woestyn ook nader en marsjeer in gelid na die slagveld. Die draak stoot hulle met sy vieslike poot nader. Terwyl hulle nog so aangestap kom, laat die draak vliegtuie aangevlieg kom wat hulle ter pletter skiet nog voor hulle by die ander kan kom. Ek vra vir Jahshua of hy dit nie kan keer nie en HY sê vir my dat hulle in die woestyn wíl wees. Hulle wil daar wees en wil nie na HOM kom nie en daarom dwing HY hulle nie. Die draak lê en maak geluide net soos ‘n kind wat oorlog-oorlog speel. Hy is duidelik nie baie ernstig nie en dit lyk eintlik of hy baie vervelig is. Later vat hy alles in sy groot poot en druk dit sommer net stukkend. In die verte kom daar vrouens en kinders aangestap na die slagveld en die kinders huil omdat hulle honger is. Die vrouens is baie moeg en kom soek kos en hulp êrens. Hulle lyk verwaarloos. Die draak rol op sy maag en begin die vrouens en huilende kinders een vir een met sy wysvinger weg te skiet. Later druk hy hulle sommer so met sy duim dood en hy speel asof dit plastiekmannetjies is. Hy skiet sand op met sy stert. Hy is baie verveeld en rol weer terug op sy rug. Hy brul en maak draakgeluide omdat hy ontevrede is. Toe staan hy op en kyk hy reguit in die rigting waar ek en Jahshua staan. Hy wil oorlog maak maar nie teen mense nie. Hy wil met Jahshua veg.

**Vader dikteer:**

Die Derde Wêreldoorlog is op hande en omdat die mense nie na MY wil kom nie, kan EK niks daaraan doen nie. Julle wat MY woord lees, weet teen hierdie tyd al dat EK niemand dwing nie en alles wat dan met hulle gebeur, sal net hulle eie skuld wees. Maar julle wat MY liefhet, sal in MY arms kom skuil en alles vanuit die hoogte aanskou en julle sal helderheid oor die oorlog hê en sal satan se hand daarin kan sien. Die wêreldling met die toe oë sal verstom kyk hoedat verskillende lande mekaar aanval vir iets so

belaglik soos wêreldmag. Wie het die mag in die wêreld? Is dit nie EK, Jahshua nie? Terwyl hulle veg om die mag te verkry, sal EK kom met MYNE en Ons sal die regeerders wees. Maar nie soos wat die wêreld wil regeer sal Ons regeer nie. EK sal MYNE kom haal en hierdie aarde vernietig en daar sal nie een koninkryk wees wat die ander oorwin en as regeerders uit die stryd tree nie. Kom skaar julle by MY en julle sal saam met MY regeer oor die nuwe volmaakte aarde waar die draak nie sy pote sal sit nie. Daar sal geen dood en oorlog wees nie en niemand sal die ander een kwaad wil aandoen nie, want EK sal daar heers. MY kinders, wees nie bevrees as die ander nasies mekaar doodmaak en vernietig nie, EK sal julle beskerm en al kom hulle om oorlog teen julle te maak, sal dit nie uit MY wees nie. En elkeen wat teen MY volkie wil opstaan, staan teen MY op en sal daarom sy loon daarvoor ontvang. Wy geen aandag aan wêreldgebeure nie en kom net na MY. EK sal julle alles leer wat julle nodig het om te weet. Al die ander inligting is oorbodig en julle hoef niks daarvan te weet nie. Dit sê EK aan julle, sodat julle kan weet dat die Derde Wêreldoorlog ook op hande is, maar julle moenie vrees nie. EK is met julle. Amen

# DEEL 9

***12 Jan. 2008 16:30***

Ek is by Jahshua in die Gees en HY hou my vas en dra my na ‘n groen heuwel waarop Ons afkyk na ‘n gebeurtenis wat op ‘n heuwel onder Ons plaasvind. Terwyl ek in SY arms sit, sien ek SY kruisiging en ek sien hoedat Hy sukkel om asem te haal en rukkerig beweeg. Jahshua sê vir my dat SY kruisiging verlossing gebring het en dat ons nie moet vrees vir die komende tyd met die swartes wat ons sal aanval nie.

**Jahshua dikteer:**

MY kind, let op en skryf! Julle wat MY woord lees, sal deur die gevaar gaan sonder dat ‘n haar van julle hoofde af sal kom weens die vyand. MY wonde op Golgota is genoeg om julle te

bevry van alle helse bande. Wees gerus en tevrede, want niks sal julle skaad. EK gaan alle bande met die wêreld vir julle verbreek, sodat net die bande met MY kan oorbly. Geen menslike bande gaan bly staan nie, net MY bande sal oorbly, daarom wil EK nie hê dat julle aardse dinge aanhang nie. EK wil julle rein hou van alle aardse smet en besoedeling. Vrees nie die stilte voor die storm nie. Luister vir MY, MY kinders, die einde van tye is naby en die lot van julle verdrukkers gaan vreeslik wees. Hulle sal die dag dat hulle planne teen julle beraam het, berou en in sak en as sal hulle wees oor alles wat hulle julle aangedoen het. Laat MY son oor julle skyn en moenie die duisternis vrees nie. Binnekort gaan julle land anders daaruit sien as EK die vyand vrye teuels gee, sodat EK hulle kan verdelg. Hulle het julle lank genoeg vertrap en MY bespot. Dit is nou tyd dat hulle vergeld word vir hulle dade teen MY en MY volk. Skuil by MY en jy sal veilig wees. Kom staan in MY arms en EK sal jou beskerm. Wees net gelowig en EK sal jou nooit los of neersit nie. Julle het hierdie woorde om aan vas te klou, maar die wat dit nie het nie, of bespot, sal sleg daarvan afkom. Luister na MY woorde en waarskuwing. Amen.

# DEEL 10

***13 Jan. 2008 22:32***

Ek is weer by Jahshua en Hy vra MY wat anders is aan SY kleredrag. Ek sien dat SY kleed om die moue en onder om die soom vol tossels is. Ek sien ook dat HY ‘n kroon op SY kop het, maar die kroon het nie die skerp punte soos die krone van gewone konings nie. Die kroon het sagte rondings. Ek vra HOM wat dit beteken en HY sê HY gaan regeer in ons land en dat HY in liefde kom regeer en nie in die skerpte van geregtigheid nie. HY sê die tossels is die versiersels en dit is SY gebooie van liefde. HY het ‘n koerant in SY hande en ek sien ‘n groot foto van Mbeki en daar staan geskryf, “Mbeki sterf weens hartaanval”. Jahshua blaai om en ek sien ‘n foto van Mandela en daar staan in groot letters geskryf,”Mandela sterf weens ouderdom”. HY sê dat ek moet kom tik wat ek gesien het.

**Jahshua dikteer:**

MY kinders, vir julle wat trou op MY wag het EK nou die aap uit die mou gelaat soos wat julle sê wanneer julle iets bekend maak. EK het aan MY profeet van lank gelde gesê dat daar twee leiers oneervol sal sterf en julle weet nou wie dit sal wees. MY kinders, die plan is om Nelson Mandela in ‘n glaskis te laat lê sodat die hele wêreld hom kan aanskou en oor hom kan treur, maar EK sê vir julle dat net die goddeloses oor hom sal treur. MY kinders wat MY liefhet, sal nie ‘n oog verroer nie en sal net aanhou om op MY te wag. Wees gewaarsku dat die swart hordes dan ook op julle sal toesak en julle sal probeer uitwis, maar EK sal met julle wees en julle lei sodat julle na veiligheid gebring kan word. Wees nie bang vir hulle nie omdat hulle julle niks kan aandoen nie. EK is getrou en julle sal in die aangesig van gevaar heeltemal veilig wees en selfs die kinders sal buite kan speel terwyl die barbare om julle rond hardloop met hulle plundering. Vir die wat MY liefhet is daar verlossing en EK het dit vir julle al lankal bewerk op Golgota. Gee net alles aan MY Hande oor en vertrou net heeltemal op MY sodat jy nie sal wankel nie. Daar sal duisternis heers, maar in elke een wat MY liefhet sal daar vrede heers en dit sal vir julle die lig gee om MY te volg en sonder om te huiwer, sal elkeen MY volg. Maar julle moet MY nou al aanroep en om hulp vra omdat die duisternis buitengewoon groot sal wees en elke een wat MY nie as sy lig het nie, sal omkom aan die hand van die vyand. MY kinders, EK het julle nou al herhaaldelike kere gewaarsku en sê dit nou ook weer aan julle dat julle dit weet; die tyd is baie min. Raak nou aan MY geheg sodat EK jou kan uitred en na veiligheid bring. Elke een wat MY aanroep in die dag van nood sal gered word, maar jy moet MY voor die tyd al ken. Maar ook nie elke een wat MY aanroep sal gered word nie omdat baie MY net sal ken as hulle nood het. Dit is nie hoe dit werk nie, MY kinders en EK is nie Iemand waarmee die spot gedryf word nie. Dryf daarom nie die spot met MY deur MY net aan te roep in jou groot benoudheid nie. Roep MY ook aan in jou vreugde en blydskap en Ek sal met jou wees in jou nood ook. Kom speel by MY voete en jy sal gewis en verseker bly leef as die groot dag van die barbare aanbreek. Dit sê EK weereens in alle liefde aan julle wat MY liefhet. Amen.

***13 Jan. 2008 23:00***

Ek sien 'n begrafnis en sien Mandela in sy glaskis. Die optog verloop redelik ordelik maar naby aan die graf breek daar chaos los. 'n Klomp swartes begin op mekaar skiet en daar is 'n gedrang terwyl die skote klap en polisiesirenes loei. Hulle begin om sy kis te maal en iets gebeur sodat hy uit die kis val in die gat in. Iets het met die kis gebeur, ek is nie seker wat nie en hy val net so in die graf in, sommer met sy gesig na onder. Daar gooi hulle hom vinnig toe, onder groot chaos wat losgebars het.

**Jahshua dikteer:**

Om oneervol begrawe te word, beteken ook dat daar chaos rondom 'n begrafnis uitbreek en niemand dan die dooie 'n laaste bietjie eer kan betoon nie. Dit is wat met hom sal gebeur, omdat hy MY volk so verdruk het. Hy verdien nie 'n laaste bietjie eerbetoon nie en sal dit ook nie kry nie. MY kinders, julle almal ken die swart volk van Afrika en weet hoedat hulle hulle nie soos opgevoede mense kan gedra nie. Hulle sal hulle nie eers op die begrafnis van die mees geliefde leier van Afrika kan gedra nie en dit sal dan die rede wees waarom daar weer chaos uitbreek. Hulle sal dan so tekere gaan dat hulle die lyk uit die kis stamp en die kis laat breek en hy dan in die gat val sonder kis. Met die groot konsternasie wat dan gaan volg, sal hulle hom net sommer gou toegooi, omdat daar dan nie tyd sal wees om hom weer in 'n kis te sit nie. Dit is dan waarom hy oneervol begrawe sal word. MY kinders, verlekker julle nie daarin nie, want op daardie selfde dag sal daar ook chaos in die res van die land uitbreek. Daar sal dan baie bloed vloei en daarom moet julle liewer tot MY bid as wat julle hieroor lag. MY kinders, EK vergeld die bose na hulle dade en daarom sal hy nie die eer kry wat hulle aan hom wil gee nie, omdat 'n godslasteraar geen eer verdien nie. Hulle het MY bespot en tot in detail bespreek wat hulle met MY sal doen wanneer hulle die "wittes se God" in die hande sal kry. Nou sal die "wittes se God" op hulle neerkom en hulle na hulle dade vergeld en hulle sal net kry waarvoor hulle gevra het. MY kindertjies, wees nie bang nie en vrees hulle nie, want hulle is pionne wat deur satan gebruik word en hy kon niks aan MY doen

nie. Terwyl EK op aarde gewandel het, kon hy nie sy vuil pote naby MY of MY dissipels en elke een wat MY gevolg het, bring nie en EK sal julle nou ook so beskerm. Gee julle net oor in MY Hande en EK sal julle almal veilig in MY ark berg en bewaar, sodat die satan en sy pionne niks met julle kan doen nie. Bid, My kinders, sonder ophou vir julle naaste, wat nog met toe oë deur die lewe gaan en nie weet wat hulle te wagte is nie. Daar is baie wat dit nie wil glo nie, maar EK sê vir julle, die tyd is baie, baie naby. Daarom moet julle julle aardse sorge vergeet en dadelik en die hele dag en nag op julle knieë deurbring. Dit beteken nie dat julle letterlik op julle knieë moet wees nie, maar dat julle in julle harte moet bid. Daar gaan baie bloed vloei aan albei kante (wit en swart), maar EK sal die reines van hart bewaar en nie een sal eers gewond raak nie. Dit belowe Ek aan julle en julle moet MY glo, want niks is by MY onmoontlik nie. Dink hieraan in die tyd terwyl daar nog ‘n mate van “vrede” heers en weet - daardie tyd sal spoedig kom en nie op hom laat wag nie. En elke een wat op MY alleen vertrou, sal gered word. Vertrou nie op politieke partye nie, omdat dit iets is wat niks met MY te doen het nie en net EK die een is wat kan red. Amen.

# DEEL 11

***15 Jan. 2008 06:46***

Jahshua staan op ‘n pragtige grasvlakte waar die son so mooi skyn soos wat dit vroeg oggende lyk. HY hou my vas en sê dat ek daar onder moet kyk. Daar is huise en ‘n groot dam en alles blink asof daar vroeë môredou op is. Daar is kano’s op die dam en die hele atmosfeer van die plek is net vrede. Ek sien daar kom mense uit hulle huise en kom by die dam bymekaar. Hulle is bly om mekaar te sien en daar heers totale vrede tussen hulle ook. Hulle staan in ‘n bondel en kyk in die rigting waar ek en Jahshua staan en begin lofliedere vir HOM sing. HY lig SY regterhand op en daar vorm ‘n wolk bo-oor die mense. Die wolk sak tussen hulle in en hulle almal lê op die gras in ‘n staat van verrukking. Daarna vlieg hulle almal op en gaan soos miere teen ‘n verskriklike tempo die dam in. Party hardloop reg rondom die dam. Ander hardloop

bo-oor die dam op die water en die ander duik daarin en geniet hulleself. Hulle haal alles uit en is vreeslik vol lewe en geniet wat hulle doen gate uit. Later kom hulle weer bymekaar en sing weer vir Jahshua ‘n lied. Ek het geen verduideliking gekry nie en moes alles kom tik.

**Jahshua dikteer:**

Dit is die blydskap wat EK van MY engele ontvang om MY te dien. Hulle gee letterlik alles wat in hulle is vir die diens aan MY en daarmee aan julle. MY kinders, julle is die dam en tussen julle is miljoene engele wat julle oppas en beskerm. Daar word laers getrek rondom die wat MY liefhet. Hulle gaan tussen julle in en doen goeie influisteringe sodat julle die hele tyd in alles aan MY herinner word. Hulle doen letterlik enige ding net om julle siele na MY te bring. Maar wat hulle werk so bemoeilik, is die feit dat hulle julle nie mag dwing nie en julle net in ‘n sekere mate mag beïnvloed. MY kinders, die engele wag net vir MY seën, sodat hulle kan aangaan om MY te dien en hulle word ryklik beloon vir al hulle werk. Julle sal dit nie nou kan verdra of verstaan nie en EK sal dit so kort as moontlik hou deur net te sê dat MY engele niks bo die diens aan MY verkies nie. Hulle sal dit vir ewig en ewig doen uit oorgrote liefde vir MY en daardeur dan vir julle ook. Wees bly daaroor, omdat julle die hele tyd opgepas word en ook gedien word, sonder dat julle eers daarvan bewus is. MY engele sal alles vir MY doen, omdat hulle MY liefhet en nie omdat hulle gedwing word nie. EK dwing niemand nie, nie eers MY engele nie. Julle sal eendag alles verstaan wanneer julle in MY hemele opgeneem word en Een met MY is. Die wat Een met MY sal word op aarde, sal dit ook verstaan. Amen.

(Ek het gister ‘n kwaai kopseer gehad en het probeer om dit teen te werk deur na Jahshua in die Gees te gaan en dit het gewerk. Die oomblik toe ek voel dat ek in die Gees was, het die kopseer verdwyn, maar die oomblik dat ek “in my kop” was, het dit teruggekom. Ek het so aangehou en die kopseer het later weggegaan. Maar in daardie toestand wys Vader my toe hoedat die bose my probeer aanval en ek sien in ‘n wye kring staan baie

engele met hulle rûe na my en hulle kyk buitentoe. Op daardie oomblik toe Vader dit vir my wys, draai hulle almal om en kyk vir my en glimlag. Ek besef toe hoe hulle ons oppas sonder dat ons dit eers besef (al weet ons dit) en nie eers ‘n gedagte daaraan wy nie. Ek het toe vir Jahshua dankie gesê en ook gevra dat HY vir elke engel ook sal sê. (Ek weet nie of dit reg is om so te vra nie. ) Ek vra dikwels vir Vader vir beskerming en dink dan nie eers weer verder daaraan nie, maar daar word baie “moeite” gedoen met ons beskerming, veral as ons verkeerde dinge doen. *Louise*)

Jahshua het my ook gister ‘n mooi groen denneboom gewys. Jahshua staan onder die boom en die boom se kleur verander na geel en later na bruin en die boom val om. Agter my is ‘n dam en die water blink baie helder. Hy sê toe aan MY dat die afgodsgelowe (denneboom) sal vergaan, maar SY lewende water sal vir ewig bestaan

# DEEL 12

***15 Jan. 2008 Die middag***

Ek staan op ‘n grasvlakte saam met Jahshua en ek sien heuwels en dale, maar dit is swart van al die swartes wat in aantog is vir oorlog. Ek sien ‘n ligte wind waai van die regterkant na die linkerkant oor hulle en toe val hulle soos domino`s plat. Daar kom weer ‘n wind oor hulle en ek sien hulle is net geraamtes. Na ‘n ruk word alles weer groen en daar is klein eenvoudige huisies oral op die heuwels. Daar kom ‘n vrou uit een huisie en sy hang ‘n skoon vadoek op. Daar heers rus en vrede en skielik kom daar ‘n groot son op en verlig alles. Ek vra vir Jahshua wat beteken dit dat die vrou ‘n skoon vadoek ophang en of dit maar net is om aan te dui dat daar vrede is. Jahshua sê dat HY kom skoonmaak het. HY het “kombuis kom skoonmaak. ”

**Jahshua dikteer:**

EK sal die nasies wat teen julle opstaan almal verdelg en die wat met boosheid na julle kom, sal nie lank bly staan. EK SELF sal

hulle tref sodat hulle julle niks kan maak. Daar sal van hulle niks oorbly, behalwe díe wat hulle eenkant gehou het en julle goedgesind was. Kom skuil by MY en EK sal julle bevry en nie een sal verlore gaan wat sy weg na MY probeer baan. EK sal julle almal na veiligheid bring en in ‘n veilige land sal julle julle weg gaan, met MY as julle Son wat alles verlig en julle harte rig. Amen

# DEEL 13

***19 Jan. 2008 02:40***

EK sien ‘n pragtige veld vol spierwit blomme. Dit is die mense van ons volk. Ek sien ‘n man op ‘n perd wat tussen hulle deurry en mandjies vol van hulle pluk en vir Vader bring.

**Jahshua dikteer:**

EK gaan MY boodskapper tussen julle instuur en hy sal julle die weg wys. Hy sal julle na MY lei en julle sal weet wie hy is as hy by julle kom. Hy het homself nie uitgekies vir die werk nie en was tot op hede nog onbewus van sy groot taak wat EK hom opgelê het. Maar die tyd het aangebreek waartydens hy met julle elkeen sal kom praat en julle sal weet dat EK hom na julle gestuur het. MY kinders, wees hom te wagte, want hy kom in liefde en vrede na julle. Wees nie skepties hieroor nie, want dit is EK wat spreek. Amen.

***19 Jan. 2008 02:55***

Ek is by Jahshua en HY vra my wat ek sien. Ek sien ‘n pragtige huis wat nie van stene gemaak is soos ons huise nie. Hierdie is ‘n hemelse huis wat blink en baie vensters het. Deur die vensters straal die witste wit lig uit en die hele area om die huis is verlig daardeur en ook deur die huis se mure self. In die deur staan Jahshua en niemand kan inkom, behalwe deur Hom nie. HY is die deur. HY vat my in die huis in en ek sien ‘n groot saal wat ook in spierwit lig gehul is. Daar loop wesens haastig verby my en hulle is in wit geklee. Ek sien dat daar twaalf vensters is. Drie aan

elke kant en Jahshua sê dat dit SY twaalf gebooie van liefde is. Jahshua wys my toe weer die buitekant en ek sien dat daar reënboogkleure vanuit die vensters straal en die wêreld verlig. HY sê dat dit die huis van Melgisédek is. Jahshua staan in die deur en die volgende oomblik word Hy ook ‘n groot stralende diamant wat so in lig gehul is, dat ek HOM nie kan sien nie. EK weet net dat dit HY is, maar die lig is te skerp en te wit

**Jahshua dikteer:**

MY huis van Melgisédek sal deur julle bewoon word en vandaar uit sal julle oor MY skepping regeer en julle sal net deur MY daar kan inkom. EK is die deur en julle moet na MY kom, omdat daar nie ‘n ander ingang te vinde is nie. Julle sal regeer deur MY twaalf gebooie van Liefde en julle sal geen onreinheid hê nie, omdat alle onreinheid oombliklik deur MY skerp lig verbrand word. Lewe in liefde en jy sal ook in MY huis inkom en saam met MY sal jy dan regeer. MY kinders, EK kies net die nederige van hart en daarom moet julle in nederigheid lewe, sodat jy ook daar kan kom. My Melgisédek huis sal deur julle bewoon word wat My werklik bo alles liefhet en EK sal tussen julle wees en julle elkeen by die naam noem. Kom na MY en EK sal jou alles leer wat jy moet weet. Amen.

# DEEL 14

***20 Jan. 2008 01:10***

Ek sien in die Gees dat Ek en my man op ‘n baie hoë rots by Jahshua staan en HY wys ons iets daaronder. Ek sien dit is bloed wat die hele dal daaronder vul. Tussen die bloed word mense uitgeruk en deur die lug gevat na ‘n plek hier regs van Ons. Die mense staan daar op ‘n rots en word deur Jahshua skoongemaak en hulle dra spierwit klere en ‘n pragtige lig omhul die mense. Ek sien ook ‘n baie groot son bo alles skyn.

**Jahshua dikteer:**

Met die stryd wat gaan kom, sal daar baie bloed vloei en baie sal

omkom. Maar EK sal baie van julle uit die stryd uitruk en julle op MY rots neersit en julle reinig. Skoon en met MY GEES gevul sal julle dan net vir MY leef en geen reiniging sal dan verder nodig wees nie. EK sal Een met julle almal word en julle sal MY dien, die res van julle lewens. Maar die groot stryd is ook nodig, omdat elke een van julle wat hier lees, nog van sy eie ek in hom het en daarvan gereinig en skoongemaak moet word. Die stryd sal buitengewoon fel wees, maar die wat MY liefhet, sal gered word en in reinheid sal julle dan verder leef. Julle sal nie omkom aan die hand van die bose nie, want EK sal julle uit die gevaar uitruk en julle sal MY Hand in alles kan sien. Dit belowe EK julle en julle moenie aan MY woorde twyfel nie. EK wil julle versterk vir die tyd wat kom en daarom wys EK julle van dieselfde stryd wat voorlê so baie dinge, omdat EK die mens ken en weet hoe twyfelagtig julle is. Deurdat EK julle baie van hierdie stryd vertel, skep EK by julle ‘n groter geloof en al hierdie gesigte sal dan weer by julle opkom tydens die stryd, en julle sal moed skep as julle dit wat Ek julle hier gee, weer sal onthou. Daarom sê EK julle om MY Woord te lees en te eet, sodat dit weer in julle binneste sal weerklink op die tyd dat julle dit nodig het. As julle dit nie lees nie, kan dit mos nie in julle binneste weerklink nie? Daarom moet julle MY versterking, aan julle gebied, eet en daarvan versadig word en krag opbou vir die komende stryd. Dit word met alle liefde aan julle gegee van die Ewige Liefde. Amen.

# DEEL 15

***21 Jan. 2008 2:45***

Ek en my man is deur Jahshua wakker gemaak en ek moet in die gees na Jahshua gaan en alles vir my man vertel wat Jahshua my wys en vir hom sê wat Jahshua vir hom sê. Jahshua wys my dat ek en my man altwee op dieselfde rots staan as die rots waarop die mense wat uit die bloed geruk is, gestaan het en gereinig is. Ek en hy is altwee baie klein – omtrent 2 of 3. Ons staan ‘n entjie van mekaar af en Jahshua sê dat HY ons uitmekaar vat om gereinig te word. HY sê HY ken die gevare van die vuilis om ons. Die volgende oomblik kom daar bo-oor elke

een van ons se koppe ‘n pragtige druppel. Dit lyk soos vloeibare diamant wat skitter. Dit is eintlik nog mooier as ‘n diamant en val bo-op ons. Die volgende oomblik word ons altwee dieselfde kleur as die druppel en ons word een met Vader. Toe vat ons hande en word een met mekaar. Ons altwee spring in Jahshua se arms in en HY druk ons vas en sê dat ons vir HOM moet werk hier op aarde. Ek vra vir Jahshua waarom ek swart skoolskoene en ‘n wit rok aangehad het voor die reiniging, maar my man het nie skoolskoene aangehad nie. HY sê vir my dat ek ‘n ander skool as hy moes deurgaan. Ek het Vader al van kleins af geken en ek kan onthou dat ek altyd geweet het dat my heil by HOM lê. Ek moes deur al die boeke van Lorber en ander gaan voordat ek HOM regtig liefgekry het. My man se lewe was anders.

**Jahshua dikteer:**

Soos elke man en vrou in julle volk moet EK ook my skryfkneg en haar man uitmekaar haal om hulle te reinig. MY kinders, dit is nie ‘n lekker proses vir julle nie, maar EK moet dit doen en daarom gaan julle dit deur. EK het aan hulle gesê dat hulle nie met mekaar een moet wees nie, maar een met MY en dan sal EK hulle weer aan mekaar teruggee. Dit was vir hulle baie swaar, omdat hulle mekaar baie liefhet, maar hulle is amper gereed om Een met MY te word, sodat EK hulle dan ook weer aan mekaar kan teruggee. Sodra die Eenheid met MY bereik is, sal alle vuil wat ook tussen man en vrou geheers het, weggewas wees en julle sal dan weer aan mekaar teruggegee word. Daarom wil EK nou aan elke een van julle sê dat julle die eenheid met MY moet soek en jou huweliksmaat ‘n bietjie op die agtergrond skuif, sodat EK kan inkom en julle reinig en Een met MY maak. MY kinders, julle sal mekaar dan met ‘n reine liefde bemin en EK sal julle seën. Kom na MY met al julle probleme, want EK ken elke een van julle se harte. Kom soek na MY en EK sal julle skoonmaak. Hierdie is ‘n baie delikate proses in die huwelik en sal deur MY met baie sorg behandel word. EK het aan MY skryfkneg gesê dat daar waar sy en haar man uitmekaar skeur, hulle bloei en EK hulle daar heel en hulle daar aan MY vasgroei. EK sal hulle dan weer met mekaar verenig sodra hulle eers met MY verenig is.

Daar sal baie trane vloei omdat julle mekaar liefhet, maar julle sal skoon anderkant uitkom. Die van julle wat nie hierdie woorde van MY glo nie, sal nie so deur MY gereinig word nie en sal net spyt wees as julle ander sien wat skoongemaak is en ‘n volmaakte huwelik het. Dit is MY woorde aan julle en nie díe van ‘n mens nie. Dit word in alle liefde aan julle gesê. Amen.

***21 Jan. 2008 07:15***

Ek is in die gees by Jahshua en sien dat HY en ek op pad is na dieselfde rots waarop ons gestaan het toe HY ons gereinig het. Ek staan saam met HOM bo-op die rots en sien ‘n pragtige son opkom en die wêreld verlig. Die gras daaronder en die rots waarop ons staan word in die mooiste kleure verlig. Jahshua sê vir my dat ek moet kyk hoe mooi die rotswand lyk in die lig en ek buk vooroor om te kyk. Ek vra Hom of mens kan afval as jy in die gees daarna kyk. HY sê nee, maar die volgende oomblik val ek en maak bollemakiesie in die lug tot ek reg voor die rotswand in die lug hang en na die rotswand wat nou reg voor my oë is kan kyk. HY sê dat ek moet lees wat daar staan en ek sien in die rots staan die volgende geskryf. EK IS DIE ROTS. Onder dit staan geskryf: EK HET AL ARBEID VERRIG IN DIE WINGERD. Jahshua sê dat ek dit moet kom tik.

**Jahshua dikteer:**

MY kinders, EK is die rots waarop julle moet bou en op MY moet julle staan. EK sal julle nooit laat val nie, al laat EK julle soms in die “lug” hang, sodat julle kan leer van MY en van julleself. Niemand sal ooit van MY Rots afval nie, omdat dit MY liefde is wat julle daar hou. MY kind het gesien dat daar geskryf staan dat sy alreeds werk in MY wingerd verrig het en dit beteken dat sy al vantevore hier op aarde was en vir MY gearbei het. Ja, baie van julle wat nou hier lees, was ook al hier gewees en het in MY Naam arbeid tussen MY mense verrig. Daarom wil EK julle nou weer daarvan vertel. MY kinders, baie van julle was in ‘n vorige lewe hier op aarde, maar dit is nie reïnkarnasie waarvan die wêreld praat wat plaasgevind het nie. EK weet dat baie mense MY werke beoordeel omdat hulle sê dat daar nie so iets soos

reïnkarnasie bestaan nie. MY kinders, niemand wat sy lewe hier op aarde verbrou het, sal weer kan terugkom om reg te kom maak nie, en niemand gaan weer terug in die skepping en beleef weer al die fases soos baie ander gelowe impliseer nie. Maar EK laat net die wat rein is en wat MY en sy naaste wil dien, weer terugkom om ander op die regte pad te help. In hierdie tyd wat julle lewe, is daar baie duisternis op aarde en niemand sal na MY kon kom, as EK nie ligdraers op aarde gesit het nie. Julle wat hier lees en dit glo, is MY ligdraers en was tien teen een ook op die aarde in 'n vorige lewe, waar jy ook vir MY gearbei het. Julle moet julle nie steur aan wat die wêreld hierop te sê sal hê nie, omdat die wêreld altyd MY werke afskiet en as van die bose probeer afmaak. MY kinders, satan het met baie slinkse planne altyd vooruit gekom en MY werk afgeskiet voordat EK daarmee begin het, sodat die mense wat dan later MY werk sien, dit as boos afmaak. EK is die Alfa en die Omega en niemand kan doen wat hy wil nie. Dit is EK wat julle terugstuur aarde toe, met julle toestemming, om julle gevalle broers weer uit te kom haal. MY Elia is 'n sprekende voorbeeld hiervan, omdat hy al as Sehel en Johannes die Doper ook hier was. Elke keer het hy kosbare arbeid in MY wingerd verrig en is glad nie van die bose nie. Hy kom MY wederkoms aankondig en net MY werk doen. Daar is niks boos daaraan nie, maar net 'n groot daad van naasteliefde daarin. Dit is wat EK doen vir die mense wat EK liefhet, al ken hulle MY nog nie eers nie. MY Elia sal hulle wakker maak en hulle sal MY herken en liefkry, maar hy sal met sy lewe daarvoor boet en dit het hy ook al geweet voordat hy hierheen gekom het - dat hy sal moet sterf vir MY. Is dit nie naasteliefde nie? Ja, MY kinders, talle van julle wat hier lees, het ook tot so 'n besluit na die aarde gekom en is bereid om julle lewens te verloor in die stryd, sodat julle net 'n paar siele na MY kan bring. Dit is die waarheid en kan nie betwyfel word nie. Dink hieraan en kom vra MY en EK sal aan jou bekend maak of jy ook al eens hier was. Amen.

# DEEL 16

***22 Jan. 2008 06:15***

Ek is by Jahshua en HY dra my na die punt van die groen gras waarop Ons was. Daar begin die woestyn en ek is bang daarvoor. Ek klou aan Jahshua vas en kyk agtertoe na die groen gras net soos ‘n kleintjie wat bang is. Jahshua sê dat ek moet kyk en ek sien ‘n stad in die woestyn. My stem bewe van vrees as ek met Jahshua praat en HY sê dat ek in daardie stad moet ingaan en ander mense na HOM bring. HY wys my dat ek in die strate rondloop met ‘n kalbassie vol water en dit aan die mense bied. Ek sê vir Jahshua ek weet nie of ek genoeg krag daarvoor het nie. HY sê “Nee, jy het nie, maar EK gaan jou sterk maak. ” HY wys my dat aan die anderkant van die stad my man ook so rondloop met water en later sien ek dat die hele stad so vol van Vader se mense is wat met kalbassies rondloop en in die grootste duisternis vir die mense water aanbied. Baie mense gooi ons met klippe as ons dit vir hulle aanbied, maar ons voel nie die klippe nie. Dit is asof ons met wind gegooi word. Ek sien dat die mense op die grond in die vuilis lê en vir water vra en party sê met ‘n hees stem: “Help!” Ek bied iemand water aan en hy sit regop en ek sien dat dit net die lig van Vader is wat my omgeef wat vir die persoon lig bring, aangesien dit pik-pikdonker om almal is.

**Jahshua dikteer:**

Julle wat MY lig ontvang het, sal na die nasies wat nog verstrooid is, moet gaan, sodat hulle van MY lig kan ontvang in die duister wêreld van vandag. EK gaan sekeres na ander lande stuur, sodat hulle daar MY Woord kan verkondig en hulle sal mense van heinde en verre lok om MY Stem aan te hoor wat deur elke een van hulle sal weerklink. MY kinders, julle sal almal ‘n beurt kry om deur ‘n stad te gaan en MY Naam daar te verkondig. EK SELF sal julle lei en julle bystaan, sonder dat julle krag van julle eie het. EK maak julle sterk en gee julle die water wat julle aan hulle moet bied. Maar voor julle ander kan gaan help, sal julle eers julleself moet help en Een met MY word, sodat jy heeltemal in MY wysheid en Liefde ingewy kan word. Jy sal nie die lig aan ander

kan bring, voordat jy nie met MY Een geword het nie, omdat die kanse goed sal wees dat die duisternis jóu eerder sal oorval. Julle is almal nog swak kindertjies in die gees en het julle vrese en daar is nie iemand wat ‘n geloof in MY moet hê soos wat dit ‘n gelowige mens betaam nie. Julle almal se geloof in MY laat nog veel te wense oor. Kom na MY sodat EK julle Een met MY kan maak en julle krag kan ontvang en so julle naaste kan gaan uitred uit die gevaar waarin hulle verkeer. MY kinders, sorg dat julle die wapenrusting aan het, sodat julle staande kan bly wanneer die bose met sy klippe kom en julle gooi. Julle sal net staande kan bly as julle MY om julle het as lig en skild en geen beskuldigings of vervloekings sal naby julle kan kom nie. Gee geen ag op mense wat julle uittrap of valslik beskuldig nie. Hulle is self vol van die bose en wil die lig in julle uitdoof, maar MY Lig is sterker as hulle en sal julle daarom nooit verlaat nie. Julle sal duisende mense tot bekering bring en na MY voete bring waar EK hulle sal genees van hulle oortredings en hulle sal tot lewe gewek word. MY kinders, julle moet net moed hou en weet dat EK julle nooit sal verlaat nie, want julle is MY uitverkorenes en Ek het julle lief. Julle is almal hier op die aarde geplaas om MY werk aan die einde van tye te verrig en dit is nie maar net toevallig dat julle hier op aarde is nie. Julle almal het julle vrese, maar kom na MY en EK sal dit vir julle wegvat en julle krag gee wat selfs satan self nie van julle kan wegvat nie. Dit is ‘n belofte aan elke een van julle wat MY Woord graag aan ander wil bring en MY so wil dien. Amen.

# DEEL 17

***23 Jan. 2008 22:03***

Jahshua praat met my en toe wys HY my ‘n grasveld met die groenste gras. Daar begin mense na Jahshua toe loop en hulle loop eers vêr uitmekaar en later is daar so baie mense dat hulle teen mekaar tot by HOM loop. Hulle is later so styf teen mekaar dat mens nie meer die gras tussen hulle kan sien nie. Hulle almal kom tot voor HOM en staan in ‘n hartjievorm. Die hart is rooierig en word later die kleur van die stof wat vir my soos vloeibare

diamant lyk. Dan begin die hartvorm te klop. Vader sê vir my dat dit ons is by Migdol.

**Jahshua dikteer:**

Ja, julle sal almal na MY kom waar EK julle bymekaar sal roep en daar sal julle vergader in MY Naam en EK SELF sal teenwoordig wees om julle te reinig en te seën, sodat elke een wat daar is, met MY Een sal wees. Julle wat dit glo en bely, sal heel eerste daar wees en sal MY ook eerste te siene kry, maar die wat eers skepties was, sal later die geleentheid kry om MY te sien en teen MY te staan. Julle almal sal wel daar bymekaarkom en EK het almal ewe lief, maar die wat sonder skroom MY woorde opgeëet het en nie daaroor getwyfel het nie, sal ook heel eerste deur MY opgetel en gedra word. Dan sal almal rein wees en EK sal julle almal dan ook genees van die vrees vir die dood en julle sal versterk na julle huise toe terugkeer, met harte wat brand in liefde vir MY, julle Skepper en julle Maker, wat julle telkemale uit alle gevare gered het. Julle sal nie mekaar hoef te leer en mekaar hoef aan te spreek om MY lief te hê nie, omdat elkeen MY bo alles sal liefhê en niemand meer in sonde sal leef nie. Dan sal julle harte vir MY klop en julle sal in die grootste vreugde na julle huise terugkeer en EK sal aan julle alles weer teruggee wat julle verloor het tydens MY groot reiniging. Julle sal nie kan glo hoe EK julle sal seën nie en dankbaar en vol liefde, sal julle dan vir ‘n ruk in die grootste vrede en vreugde denkbaar leef. MY kinders, streef daarna om ook deel van MY kinders wat by Migdol gaan vergader, te wees, omdat net die reines en opregtes van hart daar sal kom. Julle almal moet julle oorgee aan MY reiniging, sodat julle nie daarin beland sonder dat julle die krag daarvoor ook ontvang het nie. Die wat hulleself vrywillig aan MY oorgegee het, sal dan ook so sagkens as moontlik deur MY gereinig word en sal nie die reiniging so swaar hoef te verduur nie. Maar as julle terughou en julleself nie heeltemal aan MY wil gee vir die reiniging nie, sal julle harder behandel word, omdat EK julle liefhet en julle móet reinig en julle dan seer sal kry, sodat jou siel gered kan word. EK sal julle nooit so reinig dat julle onherroeplik seer sal kry nie, maar EK sal sagkens te werk gaan met die

vrywilligers. Die ander sal ook in die bad beland, maar dit sal nie so lekker vir hulle wees nie. Kom gee jouself oor, sodat EK jou kan reinig en al jou oorbodige takke kan afsny en jy ‘n lieflike boom met lieflike vrugte kan wees. Amen

# DEEL 18

***24 Jan. 2008 01:30 Geesteservarings***

Ek loop saam met Jahshua en HY vat my in ‘n woestyn in. Dit is ‘n tipiese woestyn met sandduine net waar jy kyk. Dit is oor die warmste gedeelte van die dag en Jahshua vra my of ek warm kry. Ek kry glad nie warm nie. Jahshua sê vir my dat HY ons lafenis sal wees in die warm tye en ons hitte sal wees in die koue tye.

**Jahshua dikteer:**

EK sal julle onder MY vleuels beskerm en julle warm hou in tye van koue. In tye van warm golwe wat oor julle lewens toesak, sal EK julle koel hou en julle laaf. Moenie dink dat julle vergete is deur MY wanneer jy deur donker tye gaan nie, want EK sal julle nooit laat gaan op ‘n weg wat EK julle nie sal vergesel nie. MY kinders, los alles net in MY Hande en jy sal sien hoedat jou lewe sin kry en hoe EK jou sal seën deur MY liefde. EK sal vir die eensame ‘n Vriend wees en vir die weduwee ‘n Man wees. EK sal vir die verlatene ‘n Hulp wees en vir die wat hartseer is, sal EK ‘n Trooster wees. Kortom, EK sal alles vir jou wees wat jy nodig het, maar jy moet MY net liefhê en jy sal niks kortkom nie. Amen.

***24 Jan. 2008 18:27***

Ek is in die gees by Jahshua en ek sit op SY skoot. HY wys my ‘n baie groot reus en ek sien ‘n stippeltjie van ‘n mens voor sy voete. Ek sien dat dit ek self is. Die reus is woedend en saai ‘n sweep oor sy kop. Hoe kwater hy word, hoe vinniger swaai hy die sweep. Hy wil my met die sweep bykom, maar die volgende oomblik het ek ‘n swaard in my hande. Die swaard is wasig, maar tog solied en spierwit. Die swaard is heeltemal uit verhouding met my liggaam omdat ek nie eers so hoog soos die reus se tone is

nie en die swaard hom tot by sy middellyf vat. Ek kap sy bene af by die skene en soos wat die reus val, kap ek sy bobene en later die middellyf en bors en ek kap sy kop ook af. Die reus val op die grond neer en ek sien dat daar nie vleis lê nie, maar swart hope gemors wat soos teer lyk. Jahshua sê dat HY vir my die swaard gegee het om mee te veg en ook die vaardigheid om hom reg te gebruik.

**Jahshua dikteer:**

EK gee aan almal wat MY wil dien 'n swaard om mee te veg, sodat die bose verslaan kan word. Julle sal ook die vaardigheid van MY ontvang om te weet hoe om te werk te gaan en menige mensesiel sal so deur julle gered word. As julle julleself vrywillig aan MY kom gee sodat EK julle reinig, sal julle almal so 'n swaard ontvang en in die stryd met die bose tree. Elke geveg met die bose sal julle wen, al is die bose baie keer groter as jy. EK maak julle sterk en julle kan nie verloor met MY aan julle kant nie. Kom, wees net getrou aan MY en moenie kompromieë met die bose aangaan nie. Veg met MY swaard wat EK julle sal gee en julle sal nooit as verloorders uit die stryd tree nie en wanneer julle veg, sal julle dan ook presies weet hoe om te werk te gaan, sodat die bose nie 'n kans staan om julle te oorrompel nie. Dit is wat EK aan elke een gee wat MY wil dien met sy hele lewe. Amen.

***25 Jan. 2008 04:15***

Jahshua wys my dat Ons op 'n groot rots staan en HY het iets in SY regterhand. Dit lyk soos fyn diamantpoeier. HY strooi dit oor die gebied onder die rots waar ek baie ander mense sien rondloop. Dit is mense wat ook na Vader soek en met HOM Een wil wees. Nadat Jahshua die stof oor die mense en omgewing uitgestrooi het, word die hele wêreld ook so blink soos die stof en ek sien die aarde van bo. Alles is pikdonker in die hele wêreld, maar die Suidpunt van Afrika straal soos die diamantstof.

**Jahshua dikteer:**

Julle almal wat met MY Een wil word, sal deur MY gereinig word

en skoon sal julle dan aan die anderkant uitkom en heeltemal Een met MY wees, sodat Ons hand aan hand saam kan wandel deur die lewe. EK wil saam met julle loop en alles met julle bespreek. MY kinders, daar is baie dinge waarvan julle niks weet nie en EK wil dit alles aan julle bekend maak voor die groot geloofstryd kom. Die geloofstryd sal bitterlik swaar wees en elke een wat nie met MY Een is nie, sal nie kan staande bly nie. Wees bly as EK jou reinig, omdat daar baie is wat nie gereinig wil word nie en dan baie swaar gaan kry. MY reiniging sal vir julle tot wins wees en julle sal bly wees oor elke traan wat julle gestort het. MY kinders, die lewe het al die sin waaraan julle nie eers kan dink nie, en die van julle wat voel dat die lewe alle sin verloor het, weet nie wat op julle wag nie. EK sal kom met MY reinigende hand en julle sal bly wees, omdat EK dan soos 'n dief in die nag sal kom en jou Een met MY maak. Amen.

# DEEL 19

***26 Jan. 2008 05:50***

Ek is by Jahshua en HY hou my vas. Skielik wys HY my 'n veld van blomme. Daar is baie en hulle het verskillende kleure. Ek sien baie perses. Jahshua sê vir my dat dit daarheen is waar ons vanoggend gaan *(besoek aan Dogter van Sion – Pretoria)*. Hy sê ons is Sy blomme en daar val 'n bui reën op die blomme. Direk daarna kom die son uit en skyn direk op die blomme en die druppels blink pragtig op elkeen. Vader sê My seën van liefde sal oor julle reën en elke blom se spesiale geur sal My vervul met vreugde. Elke blom se spesiale kleur bekoor my. Ek het elke blom net so lief as die ander.

**Jahshua dikteer:**

Julle elkeen met sy unieke karakter is vir MY pragtig. Elke eienskap wat EK aan elke een van julle gegee het maak jou verskillend en anders, maar nie minder geliefd as jou broer of suster langs jou nie. MY kinders, laat elkeen homself wees en laat niemand probeer om soos 'n ander te wees nie want, net

soos wat jy is, is Ek vir jou lief. Moenie verander aan jou karakter nie, want dan probeer jy aan jou eie blom se kleur te verander en jy weet nie hoe mooi jy vir my is, as MY reën van erbarming oor jou te giet deur MY liefde aan elke een van julle en jou eie unieke geur wat so kosbaar is in My oë, sal MY wese met vreugde vervul. Laat MY reën van liefde julle benat, sodat MY druppels van liefde julle blaartjies laat skitter sodat MY oog in welgevalle op elke een kan neersien. Dit vra EK, julle Vader in liefde aan elke blom van MY. Amen.

# DEEL 20

***31 Jan. 2008 17:20***

Ek is by Jahshua en HY wys my in die buitenste ruimte ‘n planeet wat baie vinnig deur die lug beweeg. Hy is op pad na die aarde. Hy gaan verby die aarde en soos ‘n magneetveld trek hy die aarde aan. Die aarde word tydelik deur hom aangetrek en soos wat die planeet verder beweeg, word die aarde weer van die veld bevry. Die aarde “skiet” terug in posisie en tril van die skok. Na ‘n tyd word die trilling swakker en die aarde staan stil. Daar kom nog skokke na die eerste trilling, maar baie swakker. Jahshua vat my na die aarde en wys my hoe dit daar lyk. Ek sien net grondhope en geen geboue nie. Vader sê dat dit die stad Chicago is. Daar is nie ‘n teken dat daar ‘n stad was nie. Nie eers ‘n albastergrootte bewys van ‘n stad nie. Alle is onder die grond en dit lyk soos ‘n stuk brak aarde. Jahshua wys my die woeste see wat oor Engeland en Europa gaan. Dit is verskriklik en die water het alles toegespoel. Daar is nog land in Europa, maar die water is baie woes naby die nuutgevormde kus. Italië en Japan is alles toe onder die water. Op party plekke waai die wind droewig oor verlate vlaktes waar eens baie mense en geboue was. Waar daar ‘n paar uur tevore nog ‘n groot stad was, is nou net grond wat bo-op alles lê en die wind waai soos in ‘n woestyn daaroor. Jahshua sê ek moet na HOM kyk en HY vra my of ek nog leef of iets oorgekom het. Ek antwoord nee en HY sê vir my: ”Net so het almal wat MY liefhet, niks oorgekom nie”. Ek sien ons mense wat uit skuilings en agter rotse versigtig uitkom en rondkyk. Jahshua

vra of iets verander het en ek kyk rond en sien bome en gras, asook rotse soos in ‘n normale veld. Die mense is effens geskok, maar is gou weer reg en praat oor die gebeurtenis. Toe sê Jahshua vir my dat ons net geskok sal wees weens alles, maar niks sal oorkom nie. “MY kindjie, almal wat by MY bly, sal niks oorkom nie. Julle sal almal veilig wees. Dit beloof Ek julle!”

**Jahshua dikteer:**

Net soos wat EK al in die verlede gesê het, sal daar ‘n baie groot aardbewing kom en baie mense sal daardeur omkom. EK waarsku egter in elke land en daar is niemand regoor die wêreld wat nie bewus is van die groot kataklisme wat aan die kom is nie. Almal het dit wel al gehoor, maar daar is egter baie min mense wat gehoor daaraan gee en hulle daaraan steur. MY kinders, julle wat MY woord glo, sal deur MY gedra word tydens die groot aardbewing en EK sal julle veilig bewaar, sodat niks julle sal oorkom nie. Maar die groot toets sal ook vir julle wees om absoluut in My te vertrou en nie bang te wees nie. Kom na MY, sodat EK jou nou al kan optel en jou dra, aangesien niemand weet wanneer die groot dag van die aarde aanbreek nie. EK gee nie vir julle ‘n spesifieke tyd nie, omdat EK nie wil hê dat julle bang moet wees en die dae aftel nie, maar Ek waarsku julle voor die tyd al, sodat julle julle skuiling by MY kan kom soek. EK sal elkeen wat MY liefhet beskerm en niemand sal eers ‘n merkie daarvan oorhou nie. Die aarde sal deur MY beskerm word, sodat die gedeelte waarop MY kinders is, niks sal oorkom nie en feitlik normaal sal wees na die tyd. Waar is daar nog ‘n Vader wat dít vir sy kinders kan doen? Kan iemand behalwe EK die aarde laat skud, maar die gedeelte waarop SY geliefdes rondloop en leef, behoue laat bly? Dit sit net in MY Hande om so iets te doen en daarom wil EK julle voor die tyd al daarvan sê en julle aanspoor om na MY te kom, want EK alleen is wat julle nodig het om te oorleef in so ‘n situasie. EK is die enigste weg vir julle en die enigste manier waarop daar vir julle beskerming sal wees. Gee jouself in MY hande oor en EK sal jou ook bewaar as jy MY daarom vra. Dit beloof EK julle en EK sal nooit MY beloftes aan julle verbreek nie. Amen.

# DEEL 21

***1 Feb. 2008 07:10***

Ek is in die Gees by Jahshua en ek sien SY gesig wat so mooi en vol liefde is. Ek sien altyd SY oë kleinerig en ek vra HOM daaroor en HY sê dat SY liefde deur SY oë skyn en dat ek dit glad nie sal kan verdra om SY oë groot te sien nie en daarom doen HY dit om my te beskerm. Ek weet dat HY baie verborge hou vir my, wat nog swak is. SY oë lyk soos iemand wat baie hartlik glimlag en dan word die oë mos klein van die vriendelikheid wat daaruit straal, en ook blink SY oë en kom daar strale te voorskyn wat moeilik te beskryf is. Al hoe ek dit kan beskryf is dat ek niemand ken met sulke oë nie en dat die liefde en vriendelikheid daaruit straal wat jou hart aangryp en week maak. Jahshua het my in SY arms en ek sien Ons is by baie lig. Dit lyk of Jahshua op wolke met my loop. Dit is pragtige lig en daar skyn reënboogkleure vanuit die wit lig. Ek kan nie verduidelik vanwaar die kleure kom en of dit op iets skyn nie, dit is net vermeng met die wit ”wolke”. Jahshua sê dat dit is hoe HY SY GEES aan my voorstel. Ek vra vir Jahshua om my met SY GEES te vervul en die volgende oomblik lê ek tussen die “wolke” voor Jahshua se voete. HY staan by MY en praat met my. Dit is so wonderlik en ek lê snoesig daar tussen die lig. Ek vra vir Jahshua of ek altyd daar kan bly en nooit weer terugkom aarde toe nie. HY sê dat as ek Een met HOM geword het, ek die hele tyd op daardie plek sal wees, al doen ek ander werk vir HOM, omdat ek dan met HOM vervul sal wees. Hy tel my op en loop met my en ek sien met groot teleurstelling dat Ons nou in ‘n woestyn staan. Maar Jahshua stap na mense toe wat daar rondstaan en ek moet by elke mens waarby Ons kom, ‘n handvol van daardie lig uit my hart uithaal en op die persoon voor my se hart sit. Dan kom daardie persoon tot lewe. Toe is HY weer met my op die see en daar is drenkelinge en ek moet hulle ook tot lewe wek en op hulle voete help en op die water laat staan en in hulle die lig blaas wat ek in my het. Die volgende oomblik is Ons in ‘n klipperige plek sonder enige plantegroei en ek sien ‘n gewonde wat daar lê en ek moet daardie persoon ook versorg en tot lewe wek met die lig

binne my. Jahshua sê dat ek met SY lig (GEES) in my, ander moet help, maak nie saak waar ek heengaan nie.

**Jahshua dikteer:**
MY lig sal vanuit elkeen wat MY soek en liefhet, straal. EK sal elke een wat van goeie wil is en wat bitter graag MY GEES in hom/haar wil hê, vervul. Daar is baie mense wat MY hulp nodig het en EK kan dit net deur julle doen, omdat die mense sal beswyk as EK in MY persoon na hulle sal kom. Daarom het EK werktuie op aarde nodig om MY te help sodat MY ander kinders wat nog vasgeval in die verderf sit, uitgered kan word. EK sal julle met MY grote liefde vervul en julle sal dadelik weet dat dit EK is wat spreek en nie jy self nie. MY liefde oortref alles en Ek sal nie MY liefde van enige iemand weerhou nie, nie eers die grootste sondaar sal deur MY gesnoep word nie, omdat elke liewe mens MY kan liefkry en sy lewe verander. Al voorwaarde is dat jy MY liefde moet waardeer en MY ook liefkry en EK sal ‘n verandering in jou lewe maak. My kinders, moenie dink dat MY liefde ooit kan ophou nie en daar is geen perk aan MY liefde nie, maar dit sal verkeerd wees om MY liefde te misbruik en te dink dat jy nou maar kan sondig, omdat MY Liefde groot is. Dit is nie hoe dit werk nie en EK sal MY liefde dan in ‘n mate van jou onttrek en jy sal vind dat daar baie teëspoed op jou lewe kom. Maar dit is ook ‘n manier waarop EK liefde betoon, omdat EK op so ‘n manier die sondaar na MY toe terug lok. EK sal niemand ooit heeltemal verlaat nie en al sou so ‘n persoon teen MY kies, sal EK MYSELF net op die agtergrond hou en nog steeds MY Hand oor hom hou. So iemand, wat teen My kies, sal dan baie gou agterkom dat daar nie meer voorspoed in sy lewe is nie en sal, ten spyte van groot rykdom, ‘n leegheid in sy binneste voel. Dan sal Ek weer en weer kom om daardie persoon terug te roep, totdat die mens MY raaksien en aanneem. Dit is hoe vêr MY liefde strek en EK sal aan julle nog meer van MY liefde bekend maak, maar nie nou nie, omdat julle nie alles sal verstaan nie. Weet net dat MY Liefde geen grense of perke het nie en dat EK mense herhaaldelike kanse gee en dan sal EK optree as daardie persoon MY nie in sy lewe wil hê nie. Al onttrek EK MYSELF, sal EK egter nooit

heeltemal van so iemand af weggaan nie. EK is orals teenwoordig en dit moet julle onthou en daaraan dink voor julle weer in mismoedige twyfel versink. Amen.

# DEEL 22

***1 Feb. 2008 03:30***

Jahshua wys my weer dieselfde vlakte waar daar eens ‘n stad was en daar sit ‘n klein kindjie verlate en huil in die stilte. Daar kom ‘n engel en vat hom weg en bring hom na ons waar daar veiligheid is. Jahshua se woorde aan my is; ”Een uit ‘n stad...” Dit laat my dink aan ‘n openbaring aan tannie Judith de Beer oor die kind wat eensaam en verlate sy weg moet baan ná die groot aardbewing.

**Jahshua dikteer:**

Na die groot aardbewing sal daar absolute chaos wees en die wêreldstede sal in rou wees. Daar sal selfs stede wees wat heeltemal onder die grond sal verdwyn. MY kinders, die gruwels in daardie stede is vir My so ‘n groot doring in die vlees dat EK dit moet verwyder, omdat dit daar erger gaan as in Sodom en Gomorra. Ja, Ek sal selfs nie eens een lewe kan spaar nie en hier en daar oor die wêreld sal daar net een uit ‘n stad van miljoene kan kom. EK sal weet waarom EK dit doen en niemand kan MY van onregverdigheid beskuldig nie, omdat EK die groot stede ook ‘n kans gegee het om hulle te bekeer. Daar is ook profete na die groot stede gestuur sodat hulle die mense kon waarsku, maar net soos in die verlede, is hulle deur die mense as valse leraars afgemaak en bespottend gehoon. EK sal dan ook die groot stede besoek, omdat EK regverdig is en EK sal vat wat myne is. Satan sal sy hande nie meer verder aan My siele slaan nie en in die grootste hartseer sal daardie siele dan in die hiernamaals moet verder gaan en MY self moet kom soek. EK is hulle ook genadig, want as EK nie was nie, sou EK hulle op aarde gelos het, sodat hulle nog dieper die verderf kon ingaan. Maar die enigste kind wat uit ‘n stad van miljoene gered sal word, sal ook simbolies

wees van die handjievol siele wat gered sal word uit die groot see van baie mense. MY kinders, bid vir daardie mense, sodat EK hulle nie almal verdelg nie en vra MY om barmhartig oor hulle te wees, omdat MY toorn teen hulle ontvlam het en net die sagte gebede van die wat MY liefhet, kan MY laat afsien van MY planne. Julle liefde vir ander sal MY MY planne laat hersien omdat EK julle liefhet en julle nie wil teleurstel nie. Kom na MY en EK sal julle gebede verhoor en EK sal in die mense se harte werk en hulle meer ontvanklik vir MY woorde maak. Maar dit bly nog steeds hulle eie vrye wil en daaraan kan niemand, nie eens EK nie, iets doen nie. Amen.

# Deel 23

***4 Feb.2008 06:18***

Ek staan saam met Jahshua op gras en daar is ‘n heuwel daar naby. Ek sien ‘n man wat bo-op die heuwel staan en hy roep na Ons. Hy waai met sy hand dat ek na hom op die heuwel moet kom, en dan draai hy om en kyk na iets daar onder. Jahshua sê dat Ons na hom moet gaan. Toe Ons daar bo kom, kyk ek ook af na wat die man beduie en ek sien ‘n pragtige stad wat blink daar onder. Ek sien toe iets soos ‘n komeet wat vinnig op die stad afkom en probeer om die stad te tref. Die voorwerp tref die stad, maar daar gebeur absoluut niks. Daar is nie eers iets wat verskillend is van die stad na die ding daar ontplof het nie. Dit is asof die voorwerp bo die stad ontplof het en nie regtig die stad getref het nie.

**Jahshua dikteer:**

EK sal MY oorblyfsel getrou bewaar en hulle beskerm teen enige aanslag wat op hande is. Daar sal niks met een van MY kinders gebeur wat MY liefhet nie en almal wat MY GEES ten volle vertrou, sal deur MY gedra word. Glo net, MY kinders en wees verseker van MY liefde. Die man wat op die berg gestaan het, is al MY profete wat waarsku en wat julle almal van MY dinge vertel. Glo hulle en weet ook dat ek díe wat MY vertrou en alles glo wat

EK vir julle sê, sal beskerm, dat, al kom die aanslae, dit niks aan julle sal kan doen nie. MY beskermende regterhand sal nie een van MY kinders, wat in volle vertroue op MY voortleef, laat struikel of seerkry nie. Alles wat EK met julle spreek, is die waarheid. Dit is getrou en gewis.

Amen.

# DEEL 24

***6 Feb.2008 23:50***

Ek het saam met Jahshua deur 'n veld met blommetjies gestap en HY het gesê dat HY my iets wil wys. Ons het tot op 'n punt gestap waar daar duisternis was. Ek het gesien dat 'n man met lig wat van binne straal, oral gaan en waar hy stop, skyn daar 'n liggie. Hy gaan dan weer verder en steek weer lig op en so gaan dit aan totdat daar oral liggies was in die groot duisternis. Jahshua het gesê dat dit SY boodskapper was wat oral deur die land sal gaan en SY lig sal bring. Dit sal binnekort gebeur. Jahshua het my al baie van die boodskapper gewys en ek glo dat dit iets dringend is en dat ons moet uitkyk vir die boodskapper wat een van die dae gaan kom.

**Jahshua dikteer**;

EK sal MY boodskapper stuur, het EK julle al by baie geleenthede gesê en wil dit weer vir julle op die hart druk dat julle hom moet verwag. EK sal hom na julle stuur en hy sal julle inlig oor die tyd wat gaan kom en wat julle te wagte staan. Hy sal julle kom vertel dat EK alleen julle verlossing is, en dat julle net julle hoop op MY moet bou. MY kinders, luister na hom as hy by julle kom en weet dat hy deur MY gestuur is om My werk te doen. Moenie sê dat julle nie geweet het nie, omdat EK julle al herhaaldelike kere hiervan vertel het. As hy julle aansê om iets te doen, moet julle dit doen, anders sal die vyand julle maklik kan oorrompel omdat julle MY dan nie gehoorsaam was nie. Niemand sal iets teen hom kan inbring nie, omdat hy nie meer van hierdie wêreld sal wees nie. Hy sal 'n mens net soos julle wees op die

oog af, maar hy sal alles kan deursien en deurvors omdat hy heeltemal Een met MY geword het. Ek sal MY genade en MY erbarming oor hom uitgiet, omdat hy dit nie verdien om Een met MY te word nie en hy net so sondig soos julle was, maar omdat EK sy hart ken en weet dat hy nie bedrog in het nie, sal EK hom gebruik. Ook het EK en hy al eeue gelede hierdie tyd beplan, en dit die enigste doel is waarvoor hy na die aarde gekom het. Hy sal MY voorloper in alles wees. My voorloper in die stryd in julle land en ook die voorloper van MY wederkoms. Vertrou hom maar, omdat hy MY gesant is en nie omdat hy ‘n mens is wat wys klink nie. EK sal julle almal lei sodat julle hom dadelik sal herken en julle Gees sal julle dit ingee, sonder dat hy julle ‘n woord daarvan sê. EK alleen is wys en weet waarom EK hierdie ding doen. Dit is vir die hele volk se beswil dat EK dit doen. Dank MY met die liefde in jou hart dat EK MY oor julle ontferm en MY kneg na julle stuur. Amen.

# DEEL 25

***9 Feb.2008 05:50***

Jahshua het my ‘n veld vol blomme gewys wat pragtig in blom is. Ek is bewus van iets wat die blomme bedreig en daar is al sekere blomme wat omval en vrek. Daar is iets onder die grond wat die bolle opvreet of die stingels afvreet en daar is al ‘n kaal kol. Ek weet dat dit betrekking het op ons volk. Ek vra vir Vader om die blomme re red, anders is daar later niks meer van die mooi blommeveld oor nie en HY sê dat die wat HOM liefhet en by HOM bly, beskerm sal word. Dit is die wat besig is met hulle eie ding en Vader vergeet, met wie dit sal gebeur.

**Jahshua dikteer**:

EK sal MY kinders beskerm omdat hulle MY liefhet en die wat nie ag slaan op MY waarskuwings en woorde nie, sal deur die wurm van vernietiging beskadig word. EK sal die wat MY soek en eer red, maar wanneer EK roep en die ander nie wil kom nie, kan EK niks daaraan doen nie. MY net van beskerming is alreeds oor die

wat MY daarna gevra het en die wat MY liefhet, sal EK beskerm. Gaan nie jou eie gang nie en soek nie jou eie belang nie, sodat EK jou ook kan red en jy nie in die tyd van dood wat voor die deur lê, sal omkom of beseer word nie. Ek sal julle genadig wees, al kom julle ‘n dag voor die tyd en EK sal julle dan ook red, julle wat MY nie gesoek het nie. Maar aan die wat MY liefhet, wil EK sê niks sal met julle gebeur nie en MY hand sal oor julle wees. Amen

***9 Feb.2008 06:10***

Jahshua gee vir my ‘n sakkie en sê dat ek moet kyk wat daarbinne is. Dit is ‘n rooi hartjie en HY sê dat ek dit moet eet. Dit laat my lekker voel - net soos wanneer jou pa vir jou ‘n sakkie met lekkergoed in gee. Ek eet die hartjie en die buitekant is redelik smaakloos en romerig. Hoe meer ek suig, hoe lekkerder word dit en die hartjie smelt baie vinnig. Die smaak verander soos wat ek elke laag afsuig en dan word dit nóg lekkerder met elke nuwe laag. Later is die hartjie so klein dat ek dit kan insluk, maar ek wil nie sluk nie en hou dit so lank in my mond as wat ek kan. Toe sê Jahshua vir my dat dit soos SY liefde is. Hoe meer jy daarvan kry, hoe lekkerder word dit.

**Jahshua dikteer**:

EK het MY liefde aan elkeen van julle gegee en dit hang net van jouself af of jy dit gaan eet. Die liefde wat uit MY hand kom, word, met elke tree wat jy gee, groter en jy sal meer ontvang hoe meer jy daarom vra. In die begin sal jy dinge nie mooi verstaan nie en jy sal nie MY liefde in die dinge om jou kan raaksien nie, veral as EK jou reinig. Maar later sal MY seëninge vir jou al hoe duideliker en groter word en jy sal dan nie meer sonder dit kan klaarkom, soos vroeër nie. EK sal aan elke een wat MY liefhet, meer gee van dit wat EK aan MY skryfkneg in die gees gegee het. Dit belowe EK julle almal. Amen

# DEEL 26

## *Die verraaiers*

***18 Jan.2008 02:30***

*(Ons is jammer hiervoor, maar hierdie gedeelte is al 18 Januarie gegee, maar ons het dit nou ontvang en plaas dit ook nou)*

Jahshua praat met my oor die komende tyd en HY wys my hoe ons gaan veg. Ek sien ons Boere sit op perde bewapen met gewere. Hulle staan in een lang ry soos hulle in die ou-ou tyd oorlog gevoer het. Oral tussen die Boere is mans wat Vader se GEES oor hulle het. Daar is 'n wit wasigheid wat oor hulle hang. Vader sê vir my dat díe is wat alreeds Een met HOM is. Daar is niemand agter hulle nie, dis net die een lang ry Boere en voor hulle is die vyand. Daar is 'n hele skare van hulle en ek sien tussen hulle baie blankes. Onder andere is daar vier wat ek ken. Jahshua vat my tussen hulle in en ek hoor hoe praat die verraaiers en stel hulle saak aan my. Die een sit op klippe saam met hulle en eet en kyk my toe reguit aan en sê ;"Jy weet, ek is ook aan die boere se kant, maar ek het nou gedink, as ek nou tussen hulle ingaan kan ek mos 'n paar "maboyans" doodmaak wat my nie verdink nie." Hy was altyd 'n groot AWB. Ek weet hy lieg. Vader wys my die volgende een en hy sê; "Ek is ook aan die boere se kant, MAAR die vyand is so baie en die boere gaan in elke geval verloor en wie het ek dan wat my op die plaas gaan help en my dekgras afsny elke jaar?" *(Ten minste lieg hy nie soos die eerste ou nie)* Die derde ou sê :"Wat gaan van my geld in die bank word as die Boere wen? Ek weet hulle gaan alles verander as hulle die oorhand het en dan is ek al my geld kwyt. Dan veg ek eerder aan die vyand se kant, sodat die Boere nie moet wen nie." Die vierde ou se gesig sien ek net en Vader sê self vir my dat hy HOM bespot en dat hy sy vrou en kinders sal verraai om sy eie bas te red.

**Jahshua dikteer:**

Tussen julle sit baie mense wat op die oog af soos julle broers lyk, maar dit nie is nie. EK weet wie daardie mense is en sal hulle tussen julle uithaal. Net die opregte wat MY dien, sal daar wees

en sal deur MY gebruik word. Julle sal deur MY beskerm word, maar die veragtelike verraaiers sal vinnig uitgewys word en julle sal hulle baie gou herken. Vrees nie die oormag van die vyand nie, omdat getalle niks in MY oë is nie en EK die hele wêreld kan vernietig en een persoon red. Dit is MY woorde aan die opregte Afrikaner Boer wat MY dien en liefhet. Julle sal net deur MY Hand van die vyand verlos word, sodat die wêreld kan sien dat julle dit nie uit julle eie kon doen nie en MY daardeur sal verheerlik. Onthou MY kinders, alles wat op hierdie aardbodem gebeur, is net om MY siele van die satan te ontruk en deur julle lyding en strewe in julle land, sal daar baie mense van ander lande 'n onwrikbare geloof in MY vestig en hulle hierheen haas om uit die wêreld te kom en MY hier te kom dien. Dit gaan nie om te wys hoe goed die Boerenasie is nie, dit is vir die sieleheil van baie, dat hierdie dinge in julle land ook gaan gebeur. Dink altyd aan ander siele en weet dat jy deur jou lyding en oorwinning, die aandag op MY vestig en dan so ander siele uit die hande van die bose red.

Amen.

***18 JAN, 2008 06:40***

Ek sit in Jahshua se arms en ek sien aan my linkerkant 'n klomp swartes met assegaaie wat op iemand afstorm. Daar kom 'n Boer aan op 'n perd en so op die perd se rug, begin hy hulle sommer met die vuiste bydam. Hy gee net een hou en die een wat hy geslaan het, trek deur die lug en is morsdood. So hou hy aan totdat hulle almal daar besaai lê. Nie een kon hom iets aandoen nie en hy lyk nie eers moeg nie. Hy stof sy hande af en kyk rond of hy nie nog iemand sien nie. Dit lyk asof hy maar net gou 'n paar bossies uit die tuin getrek het. Vader wys my toe ook 'n klomp tente en vrouens wat daar sit en oor Hom gesels. Die kinders hardloop daar buite rond en speel en daar is niks gevaar nie. Daar trek rook van braaivleisvuurtjies op en dit lyk of die vrouens maar net gaan uitkamp het. Daar is geen gevaar nie. Vader sê dat HY die vrouens en kinders gaan beskerm en bewaar. Ek sien ook 'n hospitaaltent en daar is vrouens wat gewondes in die land gaan haal en na die tent bring. Vader sê vir

my dat van ons vrouens, wat al Een met HOM is, gewondes sal gaan haal. Dit is mense wat nie heeltemal in Vader geglo het nie, maar net ‘n klein bietjie geloof gehad het en nie saam met die vyand wou gaan nie. Die wat onwrikbaar in HOM geglo het, sal vir HOM veg en nie gewond word nie. Die gewondes sal in hulle huise aangeval word, maar sal nie doodgaan nie en die vrouens wat Een met Vader is, sal hulle gaan haal en bring na die hospitaaltent.

**Jahshua dikteer:**

MY seuns sal vir MY veg en hulle sal die hordes barbare aanvat en nie een van MY seuns sal in hulle hande val nie. Terwyl daar ‘n horde op een man sal afstorm, sal hy hulle almal oorwin deur MY krag wat hom in staat stel om die sterkste vyand onder te kry. Daarom sê EK aan julle dat julle die eenheid met MY moet nastreef, sodat julle met MY krag kan gaan veg en almal kan sien wat MY krag kan doen. Moenie dink dat jy met jou eie krag sal kan oorwin nie, omdat die oormag te groot is en ‘n eie ego niks werd is nie. Gee julle harte aan MY en EK sal julle vuiste vol krag maak. Dit sê die Ewige, Magtige, maar ook Liefdevolle Koning, aan SY kinders wat HOM liefhet. Amen.

*(Liewe lesers, hierdie groot geveg in ons land is baie naby, want Vader wys my baie daarvan in die laaste tyd. Dit is nou uiters belangrik dat ons by HOM moet bly en HY ons so versterk deur hierdie aan ons te wys! Dit is baie nader as wat ons dink.*

*Vader het in die nag vir my gesê toe ek HOM gevra het om my baie vroeg wakker te maak vir die hoofstukke van Golgota, dat ek nie moet bekommerd wees daaroor nie en dat SY wil altyd geskied. Niks gebeur sonder SY wil nie en as ek nie vanoggend kry nie, is daar ‘n doel daarmee. Dit het toe ook so gebeur en Vader sê dat HY dit vir my deur die dag gaan gee. Ek sukkel baie om dit deur dag te skryf, maar Vader weet waarom HY dit doen en wil my ook seker daardeur beproef soos gister. Vader wys my baie ander dinge in die nag wat ek nie moet tik nie en satan val my baie aan van daar af. Dit is seker maar net ‘n tyd wat ek moet deurgaan. In die verlede het Vader vir my gesê dat ek bietjie*

*gaan sukkel om te skryf en dat ek baie verhoed gaan word en dit lyk my daardie tyd het nou aangebreek. Louise)*

# DEEL 27

***10 Feb.2008 02:00***

EK is saam met Jahshua in ‘n woestyn waar Ons agter ‘n rots staan en HY sê dat ek om die rots moet loer en kyk wat daar aangaan. Ek sien ‘n draak wat iemand in sy groot kloue vashou. Die mens lê in die palm van sy hand en hy sus hom aan die slaap. Hy maak geluide terwyl hy hom sus en kort-kort, net wanneer die persoon lekker slaap, steek hy hom met sy nael. Die persoon beweeg dan en dan sus die draak maar weer. Na ‘n ruk raak die draak verveeld en gaan na ‘n plek waar hy ‘n klein vlak gaatjie in die sand maak en die persoon daar begrawe. Dan draai hy om en mis bo-op die plek waar hy die mens begrawe het. Jahshua sê vir my dat die satan die mense toegooi met allerhande drek wat beskikbaar is vandag as “ontspanning”. Jahshua sê dat ek die mens moet gaan haal en ek gaan met SY mag. Wanneer ek daar kom, steek ek net my hand uit en die drek verander in reine stof. Ek haal die persoon uit die sand uit en bring hom vir Jahshua. Die draak swaai om en kom dreigend na my toe.

***Jahshua dikteer***:

In vandag se tyd is daar baie gemors wat deur die mense gedoen en gekyk word en deur na dit te kyk, word jy stelselmatig aan die slaap gesus, sodat jy nie agterkom hoe boos die satan te werk gaan nie. EK sien alles en sal ook alles doen om die mense te gaan red, maar dit bly die mens se eie keuse of hy deur die satan aan die slaap gesus wil word of nie. EK sal die arme mens wat nie meer uit dit uit kan kom nie, self daar uit gaan haal en daarom het EK julle, MY diensknegte nodig. EK wil julle almal vra of julle MY sal help in die bevryding van MY kinders, wat diep deur die satan verlei is, en dan soos gemors begrawe word, terwyl hy van hulle vergeet, solank hulle onder die drek begrawe lê, maar soos

‘n verwoede ondier, wat sy prooi in ‘n boom los en daarvan vergeet, net om weer daarheen te storm as hy iemand in daardie rigting sien loop, sal hy ook weer terug storm met mening om almal wat MY kinders wil bevry, aan te val. EK sal elke een wat egter bereid is om MY te help met alle krag en mag voorsien wat hulle nodig het in die bevryding van MY siele. EK sal nie toelaat dat daar van MY kinders onder die sand begrawe lê en sterf van die honger, terwyl EK hulle na MY hoor roep nie. Daar is tans baie mense wat onder die sand lê uit vrye wil en dan sal dit van hulleself afhang of hulle bevry wil word of nie. Maar die wat na MY roep vanuit die liefdelose wêreld, sal deur MY gered en verlos word. EK sal MY verlostes daar instuur om die gevangenes daar uit te gaan haal en al storm die draak op hulle af, sal hulle niks oorkom nie en verder gaan met MY arbeid. EK het alle mag in MY hande en sal almal wat wil bevry word, SELF bevry. Amen

# DEEL 28

***14 Feb.2008 02:05***

Jahshua dra my en my man na ‘n plek en daar sien ek ‘n groot skaakbord. Die pionne en die res is almal lewendig. Ek sien aan die swart kant die volgende. Die pionne is almal swartes en die kasteel en perd ook. Die res is Amerika en Brittanje. Hulle het ook slagtande soos die presidente en ministers wat ek gesien het in ‘n vorige gesig. Aan die wit kant is daar ook pionne en ander “mannetjies”, maar almal is spierwit en skitter met ‘n helderheid van vloeibare diamant. Jahshua sê vir my dat die lewe vir die ander gaan om speletjies, maar vir HOM gaan dit oor die geestelike groei en nie die bymekaarmaak van aardse goedere nie. Omdat hulle HOM uitdaag, “speel” HY saam. HY is die koning aan die wit kant en al die ander is SY engele. Ons is die pionne, maar HY sê dat ons nie lewelose pionne van ‘n spel is vir HOM, soos dit die geval is aan die ander kant nie. Die swart pionne maak die eerste skuif en kom dreigend nader. Dit stel die plaasaanvalle voor. Die wittes skuif dan ook vorentoe en staan dan stil tot die swart pionne tot by ons kom en dan word die swart pionne heeltemal oorgeneem en hulle verdwyn dan sommer. Die

wit kant raak dan groter as die swart kant, omdat Vader se engele (ons wat veg) die bord begin oorneem. Dan skuif die perd en kasteel van die swart kant vorentoe en dit stel die hoë amptenare en hulle landswette voor, wat daarop uit is om die blanke te onderdruk. Hulle word ook vernietig deur die helderwit diamant-pionne. Dan skuif die swart koning en koningin (Amerika en Brittanje) asook die res van die mannetjies wat oorbly na vore en wil met ons veg, maar ons maak ‘n pad vir die Koning om deur te kom en HY kom SELF veg teen die ander. Skielik pluk hulle baie groot swaarde van agter uit en wil met Jahshua veg. As die swaard aan Jahshua raak, breek die swaard kort af tot daar later niks meer oor is nie en dan ontbloot hulle hulle slagtande, wat vol bloed is, en storm verwoed op Jahshua af en byt HOM in die arms, maar HY kry nie seer nie en daar gebeur niks met HOM nie, maar hulle ruk soos wat hulle geskok word en dan is hulle ook weg. Al wat dan oorbly, is die helder wittes en ons sing almal vir HOM ‘n loflied. Jahshua gee vir elkeen ‘n spierwit kroon.

***Jahshua dikteer:***

EK weet dat die wêreld vandag heeltemal korrup is en dat julle dit nie sal kan baasraak as EK julle nie die krag daarvoor gee nie. EK wil julle egter sê dat EK die hele tyd op hoogte is van elke ding wat in die wêreld gebeur en dat EK nie die “passiewe God” is, wat al die mense dink EK is nie. EK ken almal se harte en weet dat daar ‘n handjievol van julle is wat MY ken en liefhet. Dit is julle wat bereid is om vir MY die stryd te stry en vooruit te gaan, sodat die vyand op julle neer kan kom. Maar wees gerus, dit lyk net asof julle alleen vooruit moet gaan. In der waarheid is EK al lankal daar waar hulle is en beplan alreeds vooruit vir hulle ondergang. Terwyl hulle sit en planne beraam om MY oorblyfsel te vernietig, het EK al MY planne eeue der eeue gelede agter-mekaar gekry, met julle aan MY sy. Ja, julle almal wat bereid is om vir MY te stry, was saam met MY in MY raadsaal en het saam met MY planne gemaak om die wêreldheersers die nekslag toe te dien en daarmee die satan se mat onder sy voete uit te trek. Julle almal het saam met MY gesit en EK het aan julle almal belowe om MY krag op julle uit te giet, sodat julle nie in die geveg ingaan

sonder krag nie. Julle voel miskien nou magteloos en kragteloos, maar die waarheid is dat julle deur MY van krag voorsien sal word op die regte tyd. Die rede daarvoor is, dat julle net in MY moet glo, want as julle gedurig krag gehad het, sou julle gedink het dat die krag vanuit julleself kom. Dit is die rede dat julle as mense op aarde gebore is en ook vol sonde is soos die ander mense. Kom na MY en jy sal ook van krag voorsien word vir die tyd wat kom en wanneer die stryd op hande is, sal jy nie faal nie, want MY reddende regterhand sal julle almal dra, sodat julle, wanneer julle by MY vergader word, die kroon van die oorwinning van MY af kan ontvang. Dit sê EK vir julle almal wat vir MY sal veg en kom vra MY ook vir krag, dan sal jy dit ontvang, tesame met die wysheid en die liefde wat daarmee saamgaan. Amen.

# DEEL 29

## *Die Boere en die slagtandleiers*

***12 Feb.2008 07:02***

Ek staan saam met Jahshua op ‘n berg en orals is net mis. HY sê dat ek dit in SY Naam moet bestraf en wegjaag. Die mis klaar op en ek sien ons Boervolk kyk almal in dieselfde rigting. Uit die rigting waarin ons kyk, kom daar mense aangestap en ek sien dat hulle almal slagtande het, maar verder soos normale mense lyk om ons te mislei. Ek sien dit is oudministers en presidente. Ek sien onder andere vir Hendrik Verwoerd en is verwonderd dat hy ook deel van hulle, met die slagtande, was. Vader sê vir MY dat as hy HOM gedien het, hy nie in die politieke bedryf sou gewees het nie. Ek sien ook Constant Viljoen onder hulle. Van die Boere loop hulle tegemoet en groet hulle met die hand. Die “slagtandleiers” reik hulle ook die hand, maar byt die persoon in die arm en as hy sy kop oplig, sien ek bloed op die tande. Die Boer se oë word dof en hy word soos ‘n “zombie” of robot. Daarna sien ek skepe en groot houers wat afgelaai word wat vol is van swart drek wat van oorsee ingevoer word. Dit word met die Boere se drinkwater vermeng sodat die Boere dit stelselmatig inkry. Daar is baie wat net daarvan drink, maar daar is ook ‘n

paar wat ekstra botteltjies water het, wat van BO af vir hulle gegee word, en dan ook van die suiwer water saam met die vuilerige water drink. Die vuil water is nie so vuil dat jy dit mooi kan sien nie, maar sal jou mettertyd vergiftig, wat dan ook met die mense gebeur wat dit drink. Hulle word ook soos robotte en hulle oë word dof. Al die robotboere draai dan om en kyk na die Boere agter hulle en saam met die slagtandleiers loop hulle dan op die Boere met die helder oë af om hulle te oorrompel. Maar voor die Boere is ‘n deur en niemand kan deur die deur kom om by hulle te kom nie. Ek sien die deur is Jahshua. Later is dit ‘n menigte wat na die Boere kom om teen hulle op te staan. Maar hulle loop hulle elke keer teen die deur vas en later lê hulle in ‘n ontsettende groot hoop voor Jahshua. Dit is ‘n pikswart hoop en hulle lê almal dood. Ek word aangesê om te kom tik wat Jahshua my gewys het.

**Jahshua dikteer:**

EK het aan MY uitverkorenes ‘n land van melk en heuning gegee. EK het hulle geseën met alles wat hulle nodig gehad het en hulle het niemand anders as net EK nodig gehad nie. Maar later het die verkeerde dinge ook ingesluip en hulle het die verkeerdes tegemoet geloop en in plaas daarvan dat hulle liefde net na MY gekeer is, het hulle hulle aangesigte na hulle leiers, wat verleiers geword het, gedraai. Hulle het MY tweede gestel en hulle leiers tegemoet geloop soos wat hulle MY moes tegemoet loop. In die vlees is hulle dan gebyt wat hulle kragte dan uitgesuig het en die Gees het laaste ‘n plek in hulle binneste gekry. Die wat die fout hierin raakgesien het, is met vyandigheid bejeën en hulle is mettertyd deur die invloed van die buiteland ook verlei en met vuil gemors besoedel totdat niemand meer rein voor MY was nie. Daar is dinge van ander lande af ingevoer, sodat MY volk hulle moes verontreinig met die drekgode van ander lande. Kyk maar hoeveel huise het televisies en radio’s en hoeveel mense luister na die gemors wat deur ander lande aan hulle as die waarheid verkondig word. EK sê julle dat die wat MY helder water bly drink het, die is wat hulle vandag by My skaar en EK sal hulle beskerm. Weliswaar het hulle ook van die besoedeling ingekry, maar het

MY nog steeds bo alles gestel en het geweet dat EK die Enigste Verlosser vir hulle is en nie politieke leiers nie. Dit is net My helder water wat hulle oë helder gehou het en hulle aangesigte op MY gevestig gehou het. EK sal hulle wat by MY bly en by MY skuil, beskerm teen die groot oormag wat vanuit die hele wêreld op hulle sal probeer toesak en hulle sal hulle teen MY vasloop, want niemand kom teen MY in opstand en oorwin MY nie. Dit is hoe alles sal afloop vir die Boere en almal wat gewonder het, sal nie teleurgestel word nie, omdat EK die verlos wat MY liefhet en met sy hele hart soek. Dit word aan die gesê wat My hiervoor gevra het. Amen.

# DEEL 30

***17 Feb.2008 01:00***

Ek het in die nag wakker geword nadat my baba my vir die hoeveelste keer wakker gemaak het. Dit gaan die afgelope week al so en ek was baie moeg. Vader sê toe dat ek en my man moet opstaan. Ek onthou toe dat ek van swartes en hekse en aaklige swart gedaantes gedroom het. Vader sê toe vir my dat ek en my man om die huis moet loop en HY sal vir my iets wys. Toe ons uitgaan, sien ek met my geestesoog gedaantes om die huis en Vader sê dit is hulle wat my baba so pla. Eerstens het ek klein gedrogte soos "gargoyles" gesien en Jahshua sê vir my dat ek die hele tyd SY Naam moet aanroep en hulle bestraf. Die gargoyles maak 'n pad soos wat hulle net probeer om weg te kom van Jahshua en my af. Toe Ons verder stap, sien ek baie groot bobbejane in die mielieland sit. Elkeen is omtrent 4 meter hoog en hulle hardloop weg, behalwe die grootste een. Hy bly my aanstaar en Jahshua sê ek moet aanhou om vir hom te kyk. Terwyl ek vir hom kyk, voel ek dat krag uit my uitgaan en die bobbejaan krimp en krimp tot hy so groot soos 'n normale bobbejaan is, en die volgende oomblik is dit of hy ontplof. Ons stap verder en ek sien weer bobbejane, maar hierdie keer is dit 'n hele trop van normale grootte. Hulle hardloop ook weg. Aan die voorkant van die huis, sien ek gedaantes in die lug en weet dit is hekse. Ek beveel hulle in die Naam van Jahshua om weg te gaan

en sê dat hulle nie die reg het om hier te wees nie en hulle vlieg weg, almal deurmekaar en sommer teen mekaar vas. Daarna sien ek omtrent twee oerang-oetangs van enorme grootte en beveel hulle ook om weg te gaan. Laastens was daar net ‘n swart “mat’ wat oorbly en nadat ek dit in Jahshua se naam beveel het om weg te gaan, was die hele omtrek, in die Gees, skoon. Ek sien toe dat daar ‘n baie groot sirkel reg rondom ons plek is en dat die sirkel spierwit is. Dit lyk soos ‘n witwarm hoepel, en in die middel waar ons huis is, is dit spierwit en helderskoon. Jahshua wys my toe dat die sirkel se krag so hoog gaan dat geen bose gees eers oor die sirkel kan vlieg en binnekom nie. Die wit lig strek tot in ewigheid. My baba het toe baie rustiger geslaap.

***Jahshua dikteer:***

Julle weet nie wat in die gees om julle gebeur nie en is dikwels onbewus van al die boosheid om julle. EK het MY kind wakker gemaak en aan haar gesê om die bose te bestraf. Die bose manifesteer ook in die vorm van aanvallers wat agter die donker kolle in julle tuine wegkruip, maar waar MY lig skyn kan geen boosheid standhou nie. Julle almal kan om julle huise stap wanneer julle die bose se aanslag teen julle voel en in MY Naam mag julle die bose bestraf wat julle so pla. Veral klein kindertjies word deur die bose gepla omdat hulle nie kan sê wat hulle pla nie, en die bose julle ongelukkig wil maak, sodat julle julle geduld moet verloor en hulle dan ‘n vatkans kan kry om op julle toe te sak. MY kind het egter haar geduld behou en EK het haar die droom gegee, sodat sy kon weet wat aangaan. EK sal elke een van julle so lei sodat julle kan weet wat om julle aangaan. Dit is die tyd waarin julle leef wat julle so groot teiken maak. EK kan elke mens wat MY liefhet so help, omdat EK nie wil hê dat julle deur die bose gepla moet word nie. Baie keer word julle ook so deur die bose gepla en EK laat dit toe, omdat EK julle iets wil leer, maar troos julle daaraan dat EK julle nooit sal verlaat en in die hande van die bose oorgee nie. Julle word net sterk en leer vinnig wat om te doen. Sou EK dit nie toegelaat het nie, sou julle nooit geweet het hoe om te werk te gaan nie en julle sou weerloos gewees het as dit die dag sou gebeur het. MY kinders

moet egter van alles leer en daarom laat EK dit toe en nie omdat EK julle nie wil of kan beskerm nie. Laat alles aan MY oor en EK sal julle lei. Amen.

***17 Feb.2008***

Ek het vir Vader gevra om saam met my te eet, aangesien ek heeltemal alleen gesit het en na SY geselskap verlang het. Ek was in die gees by HOM en het my geestesoog die hele tyd oopgehou sodat ek HOM kon sien. Ek het gesien dat HY ook eet en HY sê toe vir my dat ek die uitsig saam met HOM moet geniet terwyl Ons eet. HY het dieselfde kos as ek geëet en presies dieselfde bord asook sout- en peperpotjies as wat ek in my huis gehad het. Ek het gesien dat Ons op ‘n berg sit en ondertoe kyk terwyl Ons by ‘n tafel sit en eet. Dit is so mooi om HOM so te sien in alle nederigheid en HY sê toe dat ek mooi moet kyk wat daar in die lug hier reg voor ons is. Dit was twee arende en die een kom land op die tafel by Jahshua. Ek weet dat Jahshua met hom gekommunikeer het, maar weet nie hoe nie. Die tweede arend het ook op die tafel geland en ook met Jahshua gekommunikeer. Die eerste een vlieg toe weg na ‘n plek daar onder en daarna volg die ander arend hom. Hulle gaan tussen mense in. Die eerste arend gaan eerste na die mense en die tweede arend daarna na dieselfde mense. Ek weet wie die arende is en weet ook dat die eerste een die boodskapper is wat na die mense gaan kom. Die tweede een sal die boodskapper volg en ook na dieselfde mense toe gaan, nadat die eerste een daar was. Die eerste boodskapper kom na Jahshua en gee vir HOM ‘n mango en HY eet die mango. Ek word toe na my skoonouers se huis gestuur om vir my twee mango’s te gaan haal. Dit klink dalk vir julle snaaks, maar terwyl ek geloop het, het ek die hele tyd so in die gees by HOM gebly. HY sny toe vir my ‘n stuk van SY vrug af, maar ek sien dit is die lekkerste stuk en sê vir HOM dat HY die lekker stuk moet eet. HY sê vir my ”MY kind, as EK wil, kan hier ‘n hele bord met sulke stukke hier voor MY staan. Eet dit wat EK jou gee.” Daar staan toe so ‘n bord met gesnyde stukke voor HOM. Nadat ek by die huis gekom het, het ek die mango geskil en geëet en terwyl ek dit eet, sien ek dat Jashsua die pit van die

eerste mango vat en hom baie vêr en hard gooi. Daar waar die pit te lande gekom het, het daar dadelik ‘n mangoboom opgekom. Jahshua gooi toe die tweede een ook en daar kom ook ‘n boom op. HY sê vir my dat die mango wat die boodskapper vir HOM gebring het, sy vrug was wat hy vir Vader gedra het. HY sê toe ook vir my dat HY die vrugte wat ons vir HOM dra, elke keer plant, nadat HY dit geëet het, sodat ons later ‘n boord het van die vrugte wat ons dra. HY sê dat daar nie een vrug of pit verlore gaan of vrot word nie. Alles word deur HOM geplant. Ek wou nie hierdie stuk tik nie, omdat dit vir my baie persoonlik is en dit die manier is hoe ek met Jahshua besig is in my hart, maar HY het my opdrag gegee om dit te doen. Deur die hele tyd so by HOM in die Gees te wees, leer ek ontsettend baie, maar ek kan nie altyd so besig bly met HOM soos wat ek graag wil nie. Dit is baie moeilik, omdat mense met jou praat en jou aandag afgelei word deur aardse dinge en daarom kan ek verstaan dat HY sê ons moet ons afsonder.

***Jahshua dikteer:***

MY kinders, dit is hoe EK wil hê julle met MY moet besig wees en bly, omdat EK dan vir julle alle lesse eerstehands kan leer. MY kneg leef nie in ‘n fantasiewêreld nie, sy lewe in die realiteit, al lyk dit nie vir julle so nie. Sy sukkel egter om gedurig by MY te bly soos vanoggend, omdat sy as mens nie lank kan konsentreer om by MY te bly nie. Wat EK vir julle almal wil vra, is om MY so te soek en MY te vra om dinge saam met jou te doen, al lyk dit vir julle belaglik. EK is dan die hele tyd met julle en as EK in jou hart is, doen EK mos alles saam met jou,of hoe? Soek na MY, sodat EK ook jou lewe kan deel en met elke ding sal EK jou ‘n nuwe les leer. Wat sy vanoggend geleer het, is dat die vrugte wat jy dra, wel vermeerder tot die boom wat uit die vrug groei en as jy slegte vrugte dra, sal jy later ‘n hele boord vol slegte vrugte hê. Dra die vrugte wat vir MY eetbaar en lekker is en jy sal geseënd wees in jou doen en late. Dit is al wat EK vir julle wil sê in verband hiermee. Amen.

***17 Feb.2008 14:30***

EK is aangesê deur Jahshua om langs die land af te stap en daar het HY my weer iets gewys. Ek sien daar onder in 'n vlakte is ons volkie almal bymekaar, maar ons is 'n baie klein groepie gemeet teen die bose wat voor ons staan. Voor ons staan die lelikste gedrogte. Drake met sterte en tonge wat hulle swaai en afgryslike oë. Hulle almal is baie groter as ons. Tussen ons en die bose, staan Jahshua, maar HY is nie baie groot nie. HY is groter as ons, maar kleiner as die bose. Ek vra HOM hoekom dit so is en HY sê dat hulle HOM onderskat, maar dat hulle hulle fout gaan agterkom. Skielik word Jahshua baie groot en troon bo hulle uit in 'n baie groot reuse Vader. Die bose skrik verskriklik en vlug, maar soos wat hulle vlug, trap hulle op mekaar se sterte en byt mekaar. Ek sien daar lê baie dood soos wat hulle mekaar vertrap het en skielik is hulle weg, asof hulle in 'n gat geval het. Toe sê Jahshua dat ek dit moet kom tik.

***Jahshua dikteer:***

MY kinders staan teen die bose en die bose is baie dreigend. Julle weet nie wat hulle teen julle beplan nie en in hulle ywer dink hulle dat EK nie sterk is nie. Hulle dink dat die witmense se god 'n nietige versinsel is en omdat hulle baie meer is as ons, hulle ons sommer so maklik gaan oorrompel. Maar tussen hulle en MY kinders, staan EK en met 'n baie groot skok gaan hulle agterkom dat daar niemand Magtiger as EK is nie. Julle sal sien hoedat hulle gevlug het, omdat hulle mekaar dan sal vermorsel in die vlug en in die ywer om weg te kom. Daar sal baie lyke op die straat lê en hulle sal vlug om nooit weer terug te kom nie. MY kinders, EK sal julle help om van die lyke van die bose ontslae te raak, aangesien julle vir ewig besig sal bly met die opruiming daarvan, as EK julle nie sal help nie. Julle sal juig as julle van MY geheime planne te hore kom en daarom stuur EK MY boodskapper met die goeie nuus. Hy sal aan julle presies kom vertel wat EK vir julle gaan doen en na hom sal EK 'n ander boodskapper stuur om te bevestig wat die eerste een vir julle gesê het. Julle sal sien dat hulle altwee baie nederig is en MY GEES sal sommer uit hulle uitstraal. Julle sal niks hoef te vrees

nie, al is dit die lelikste monsters wat op julle jag gaan maak. EK alleen sal julle beskerm en daarom moet julle nie op julle wapens staatmaak nie, omdat wapens nikswerd is nie. EK alleen sal julle bystaan en julle sal bly wees in MY glorie. Dit belowe EK vir julle almal wat in MY glo. MY kinders, wee die ongelowige en die een wat MY boodskapper met 'n slegte hart ontvang. Wee die een wat hom nie glo nie, omdat EK hom dan nie te hulp sal snel nie. Maar ag jouself gelukkig as jy hom in liefde en gasvryheid ontvang het. Amen.

# Deel 31

***18 Feb.2008 08:00***

Ek moes in die Gees na Jahshua gaan en HY het my op 'n hoë berg gevat. Daar het HY vir my SY twee hande uitgesteek en in elke handpalm was iets. In die een hand was 'n diamant en in die ander hand 'n robyn. Jahshua sê toe vir my dat die diamant staan vir wysheid en die robyn vir liefde en ek moet kies wat ek wil hê. Ek staan toe en dink of ek verkeerd gaan maak as nie een kies nie en dalk gaan Jahshua vir my sê dat ek sondig as ek nie een kies nie. Maar ek weet dat HY weet wat ek dink en sê toe maar vir HOM wat ek wil hê. Ek het HOM vasgegryp en gesê dat ek net vir Hom wil hê en of HY sal omgee as ek nie 'n hand kies nie. HY sê toe vir my dat ek die regte keuse gemaak het, omdat SY liefde onbeperk is en SY wysheid ook. HY sê as ek die robyn gekies het, ek net 'n sekere hoeveelheid liefde sou kies, omdat al SY liefde nie in so klein robyn kan wees nie en dat HY baie meer liefde het as dit. As ek HOM kies, het ek alles en nie net 'n beperkte hoeveelheid nie en dan het ek sommer die wysheid ook. Vader wys my toe dat daar onder die berg miljoene engele staan en juig, omdat ek die regte keuse gemaak het en dat hulle vir my baie lief is en my in die Gees bystaan. Ek vra toe vir Jahshua of ek vir hulle ook iets kan sê en HY sê ja. Ek sit my hande bak voor my mond en skree dat ek vir hulle ook lief is en dat ek dankbaar is dat hulle my so bemoedig. Jahshua sê toe vir my dat dit nie nodig is om te skree nie en dat ek dit net kan dink, omdat dit in die Gees is en hulle alles dadelik weet en alles kan hoor.

Jahshua dra my toe op SY nek en my kop is in die wolke. Dit is die wit wolke waarop ek saam met HOM gespeel het wat SY GEES voorstel. Terwyl my kop in die wolke is, sien ek robyne en edelgesteentes en ek gryp dit en sluk dit in, sover as wat Jahshua met my loop. Jahshua laat my toe bo-op die wolke speel en HY is saam met my daar en gesels met my. HY sê dat hy vir my die edelgesteentes laat eet het en dat dit beteken dat ek my naaste moet liefhê en met liefde behandel. HY lê op SY maag saam met my en toe dikteer HY vir my hoofstuk 18 en 19 van Die opstanding. So het HY gelê en vir MY gesê hoe en wat om te skryf en terwyl mense in die agtergrond praat en die kinders besig is, het ek partykeer gesukkel om te konsentreer oor die geraas, maar wanneer dit gebeur sê HY net vir my, ”Kyk vir MY”, en dan tik ek weer verder en so het ek ‘n moeilike hoofstuk klaar gemaak met SY hulp en bystand en woorde alleen.

***Jahshua dikteer:***

EK gaan aan elke een van julle keuses stel en julle sal mooi moet dink voor julle kies. My kneg wou nie kies nie, omdat sy MY wou hê en EK sê vir julle dat EK altyd die regte keuse sal wees. Die diamant is ‘n slim keuse omdat wysheid baie belangrik is, maar die robyn is beter omdat dit liefde is. Liefde het wysheid, maar wysheid het nie noodwendig liefde nie. Maar die beste keuse is en bly EK, omdat EK alles is en het. Alle liefde van MY kan nie in ‘n robyn vasgevang word nie, omdat MY liefde oneindig is en waar kry jy so ‘n groot oneindige robyn? Daar is dan net ‘n sekere hoeveelheid liefde in die robyn en dit kan nie groter word nie, maar by MY kan die liefde altyd vergroot en verbeter. Dink daaraan as julle in die toekoms ook voor keuses gestel word wat EK vir julle gee. Maak MY jou eerste en enigste keuse en jy sal altyd reg kies. Amen.

# DEEL 32

***19 Feb.2008 07:04***

Ek het vanoggend verslaap en het baie vinnig opgestaan toe ek besef dit is al verby die tyd dat ek gewoonlik met Jahshua praat en in die Gees by HOM is. Ek het al besef dat die bose my baie aanval deur my eie ongehoorsaamheid en was bang dat dit weer die geval sou wees vandag. Ek het Jahshua gevra wat ek eerste moes doen vir HOM vanoggend en Jahshua het gesê dat ek weer in die Gees na HOM moes kom. HY was baie vriendelik ten spyte van my oortreding en het my opgetel. Ek het om vergifnis gevra en HY het gesê dat ek agter my moes kyk. Ek het verwag om weereens die draak te sien wat my altyd so graag wil aanval, maar al wat ek gesien het was ‘n oop veld met dou op die gras, soos vroeg in die môre en in die verte engele wat met hulle rûe na Ons toe soos wat hulle wag hou. Toe sê Jahshua vir my dat HY my sal beskerm en ek het gevoel en gesê dat ek dit nie verdien nie. HY sê vir my: ”Die liefde bedek alles, MY kind. Jou liefde vir MY bedek al jou sondes!” Ek is toe aangesê om dit wat ek beleef het, te kom tik.

***Jahshua dikteer:***

EK het MY kind laat verslaap vanoggend om haar die volgende te leer: Dat sy nie altyd bang moet wees om deur die bose aangeval te word omdat sy oortree het nie. Julle almal is dikwels so bang dat EK julle sal verlaat omdat julle ‘n klein oortreding begaan het, maar julle vergeet van MY liefde vir julle en julle liefde vir MY. EK sal nie ‘n berouvolle sondaar in die hande van die bose oorgee nie en nog minder iemand wat MY uit die diepte van sy hart liefhet. EK sal julle almal wat MY eerste stel, getrou bewaar en solank julle nie aspris sondig nie, sal julle nie gestraf word nie. EK sal egter die sonde wat teen MY of jou broer wat aspris gedoen word en teen jou beterwete in, van jou kom eis, maar wees gerus, dat die wat MY liefhet dit in elke geval nie sal doen nie, want julle is rein deur MY bloed en EK weet dat julle dan ook julle broers liefhet en nie teen hulle sal sondig nie. MY kinders, wees rein soos EK en vergewensgesind soos EK en julle sal altyd vrede onder mekaar hê. Amen

# DEEL 33

***19 Feb.2008 Die aand***

My baba slaap die laaste tyd baie sleg en hy weier om in sy eie bedjie te slaap, maar slaap baie rustig in my bed. Vader sê toe vir my dat ek onder sy bedjie moet kyk en kasterolie daar moet spat terwyl ek in die Gees by HOM is. HY sal my iets wys. Nadat ek die bose hier buite ons huis bestraf het, het dit beter gegaan, maar hy wou nog steeds nie in sy eie bed slaap nie. Vader wys my toe 'n vieslike klein mannetjie. 'n Maer klein gedroggie wat inmekaar onder sy bedjie sit. Hy is bruinerig, die kleur van 'n mummy, met lelike vratte op sy gesig. Toe ek met Vader praat en die ding bestraf en met die olie daar spat, spring hy op en hardloop weg tot in 'n gat in die grond waar hy weer uitloer. Sy voorkoms en area waarin hy bly laat my dink aan hierdie snaakse tipe flieks wat daar deesdae gemaak word. My baba het net eenkeer wakker geword en het lekker in sy eie bedjie gelê. Vader sê toe vir my dat as 'n mens kwaad word, jy die bose na jou toe aantrek en net so met 'n klein baba wat kwaad word, maar dit net wys deur te skree. Ek kry nie meer baie tyd vir alles nie en sukkel om alles gedoen te kry, dan sal ek my groter kinders vra om die baba te gaan swaai en dan skree hy, want hy wil hê ék moet hom vat. Vader sê as hy so huil, word hy ook maar 'n bietjie kwaad en dit is daarom dat die vieslike ding onder sy bedjie kom inkruip het.

***Jahshua dikteer:***

Baie keer weet julle nie hoekom julle kinders so lastig is nie en dan ontstaan daar baie misverstande. Die kinders is baie meer vatbaar vir die duiwel en sy speletjies omdat hy weet dat hulle nie kan sê wat fout is nie. Die duiwel geniet dit om die huis in chaos te dompel en watter beter manier is daar as om die ou kleintjies aan te val, omdat die geskreeu van babas almal deurmekaar maak. MY kinders, gaan kyk na julle kinders se speelgoed en gooi uit wat nie pas nie. Dit is ook baie keer 'n bron van ontsteltenis, omdat die demone in die speelgoed wegkruip en dan die kinders in die nag pla. Vra elke aand vir MY beskerming en vra dat MY engele oor jou kind sal wag hou. Dit is nie altyd die

ouers se skuld nie, EK weet, maar dit is tog ‘n probleem. EK sal dit nooit teen julle hou nie, omdat julle geestesoë nog baie toe is, en as EK dit nie vir MY skryfkneg gewys het nie, sou sy dit nooit geweet het nie. Haar tyd is egter baie beperk vandat sy vir MY werk en daardeur skeep sy haar kinders bietjie af, maar daarvoor sal EK ook nog sorg. Die mens wat egter vir MY wil werk, sal deur moeilike tye moet gaan om hom,/haar te toets en te kyk of hy/sy nog steeds vir MY wil werk, al gaan dit rof en daarom het EK ook MY skryfkneg so beproef, maar EK sal haar van nou af nie meer so beproef nie, omdat sy nog deur alles vir MY wou werk. Dit geld vir julle almal. Amen.

# DEEL 34

***19 Feb.2008 07:04***

Ek het vanoggend verslaap en het baie vinnig opgestaan toe ek besef dit is al verby die tyd dat ek gewoonlik met Jahshua praat en in die Gees by HOM is. Ek het al besef dat die bose my baie aanval deur my eie ongehoorsaamheid en was bang dat dit weer die geval sou wees vandag. Ek het Jahshua gevra wat ek eerste moes doen vir HOM vanoggend en Jahshua het gesê dat ek weer in die Gees na HOM moes kom. HY was baie vriendelik ten spyte van my oortreding en het my opgetel. Ek het om vergifnis gevra en HY het gesê dat ek agter my moes kyk. Ek het verwag om weereens die draak te sien wat my altyd so graag wil aanval, maar al wat ek gesien het was ‘n oop veld met dou op die gras, soos vroeg in die môre en in die verte engele wat met hulle rûe na Ons toe soos wat hulle wag hou. Toe sê Jahshua vir my dat HY my sal beskerm en ek het gevoel en gesê dat ek dit nie verdien nie. HY sê vir my:”Die liefde bedek alles, MY kind. Jou liefde vir MY bedek al jou sondes!” Ek is toe aangesê om dit wat ek beleef het, te kom tik.

***Jahshua dikteer:***

EK het MY kind laat verslaap vanoggend om haar die volgende te leer: Dat sy nie altyd bang moet wees om deur die bose aangeval

te word omdat sy oortree het nie. Julle almal is dikwels so bang dat EK julle sal verlaat omdat julle ‘n klein oortreding begaan het, maar julle vergeet van MY liefde vir julle en julle liefde vir MY. EK sal nie ‘n berouvolle sondaar in die hande van die bose oorgee nie en nog minder iemand wat MY uit die diepte van sy hart liefhet. EK sal julle almal wat MY eerste stel, getrou bewaar en solank julle nie aspris sondig nie, sal julle nie gestraf word nie. EK sal egter die sonde wat teen MY of jou broer wat aspris gedoen word en teen jou beterwete in, van jou kom eis, maar wees gerus, dat die wat MY liefhet dit in elke geval nie sal doen nie, want julle is rein deur MY bloed en EK weet dat julle dan ook julle broers liefhet en nie teen hulle sal sondig nie. MY kinders, wees rein soos EK en vergewensgesind soos EK en julle sal altyd vrede onder mekaar hê. Amen

# DEEL 35

***20 Feb.2008 07:18***

Ek is saam met Jahshua op ‘n berg en HY wys my daar onder in die dal ‘n baie groot geweer in die lug wat na onder gerig is. Dit is ‘n outomatiese geweer soos ‘n A.K. Jahshua wys my waarna hy mik en ek sien ‘n mielieland en ‘n ou oom wat daar loop. Ek sien dat die sneller begin beweeg, maar net voor die skoot klap, kom daar ‘n knoop in die loop en die geweer ontplof na agter.

***Jahshua dikteer:***

Julle, MY volk is die teiken van die wêreld en met ‘n lied in die hart, sal hulle julle van kant maak en baie bly wees daaroor. Die Boere is die objek van haat, regoor die wêreld en dit is net die ware Israeliete wat aan julle kant is. Die ware Israeliete wat nog nie met die ander nasies uitgebaster is nie, is julle goedgesind en wil ook graag by julle wees, as hulle sal sien dat EK hier is. MY kinders, julle dink dit gaan net oor julle rykdomme wat verborge onder die grond lê, maar EK sê vir julle dat dit oor oneindig meer gaan. Dit gaan oor die uitdoof van MY lig in julle binneste en ook oor die vernietiging van julle as hele nasie wat die gevolg gaan hê

dat hulle kan maak net soos hulle wil. Julle sal dit nie glo nie, behalwe as julle MY liefhet, dat die ander volke nie kan doen wat hulle wil nie. Die ander volke het baie planne om die aardbodem te vernietig en baie dieper in te gaan as die gewone myne wat julle ken. Die aardbodem sal dit dan nie kan hou nie en inmekaarstort omdat daar baie "weerlose" gebiede onder die grond is en wanneer daar ingegaan word, sal dit onherroeplike skade aanrig en die hele aarde sal dan in 'n oomblik anders daar uit sien. Maar omdat julle MY liefhet, bid julle tot MY vir beskerming en bewaring en dit verhoed hulle om dit te doen. Met ander woorde, as hulle julle wat bid, kan vernietig, kan hulle doen wat hulle wil. Dit dink hulle en met 'n skok sal hulle agterkom dat hulle nie die Lig wat EK op aarde geplaas het, kan vernietig nie, omdat MY Lig sterker is as die grootste duisternis. MY kinders, hulle wil julle doodmaak ter wille van die Lig wat julle uitstraal en dink dat hulle daardeur alles al kan doen wat hulle onheilspote vind om te doen, maar hulle vergeet dat die Lig in julle van MY kom en EK sal nie toelaat dat hulle hulleself kan geniet in hulle boosheid nie. MY kinders, dit is al genoeg dat hulle julle dwing om diep in die aarde te myn en sodoende die aardoppervlak te verswak, maar die wetenskap is tans besig om nuwe dinge te ontwerp waarvan julle nie bewus is nie en daardie masjinerie sal hulle in staat stel om baie dieper die aarde in te gaan as wat tans die geval is. Baie menselewens is op die spel en hulle sal enigiemand kan gebruik in hulle vuilwerk en nie die minste sleg daaroor voel nie. Maar soos wat EK vir julle gewys het, sal die loop 'n knoop inkry en hulle sal hulleself laat ontplof en julle geen skade kan aanrig nie. MY GEES is oor julle en met lof moet julle julle dae aan MY wy sodat julle met MY GEES vervul kan word en heeltemal Een met MY kan word. EK sal julle wat nog nie Een met MY is nie, en MY wil dien, bystaan en met die liefde wat in MY Hart is, sal EK julle dra. Julle het niks te vrees nie. Die wat egter teen MY ingaan, sal dit diep berou en hulle sal hulle fout te laat agterkom. Bly maar net by MY en in MY en EK sal by julle en in julle bly. Amen.

# DEEL 36

***20 Feb.2008 07:51***

Jahshua roep my vanwaar HY op ‘n plato staan en HY sê dat Ons na agter moet gaan op die gelyk vlakte van die plato. Daar staan ‘n baie groot rots en HY sê dat Ons op die rots moet klim. Jahshua tel my op die rots en daar bo-op sê Jahshua dat ek baie mooi na die rots moet kyk. Ek sien dat die rots in baie snaakse kleure weerkaats, maar my siel herken dit nie. Ek kan nie die kleure verstaan of begryp nie. Die rots is baie hard om op te staan, maar Jahsua sê ek moet my voet diep in die rots intrap. My voetafdruk lê toe binne in die rots. Ek moes my ander voet en altwee my hande daarin afdruk. Toe moes ek met my gesig daarin druk en die voorkant en agterkant van my liggaam in die rots afdruk. Die rots is hard as jy bo-op staan, maar soos klei as jy jou afdrukke daarin moet maak. Ek vra vir Jahshua wat dit beteken , maar HY sê net dat ek dit moet tik.

***Jahshua dikteer:***

Soos klei is alles in MY hande en selfs die grootste en verste planeet waarvan julle nie eers bewus is nie, is soos niks voor MY oë nie. EK wil elkeen van julle vir Myself hê en EK wil julle afdrukke in MY hart hê omdat EK julle baie liefhet. Wanneer Ek iemand skep, is die bloudruk alreeds in MY binneste, maar wanneer daardie persoon kom en MY baie liefhet en sy liefde aan MY betuig, het EK ‘n ander plek waarop Ek sy bloudruk berg. Dit is in die spesiaalste plek in MY hart. EK het voorwaar almal ewe lief, maar net soos wat julle net die wat julle die liefste het, die diepste in julle harte berg en hulle afdrukke daar maak, so is dit ook met MY. Maar wanneer daar ‘n sondaar kom en homself bekeer, word sy afdrukke ook daar waar die spesiale gunsgenote se afdrukke sit, gemaak. Julle moet MY nie verkeerd verstaan nie, EK het nie iemand liewer as die ander nie, maar dit is net die wat MY bo alles liefhet, wat in dieselfde plekkie geberg word en waarna EK baie meer spesiaal kyk. Die wat MY nie liefhet nie, sal dan ook deur MY vergeet word soos wat hulle MY vergeet. Die van julle met ‘n ontwaakte Gees, sal verstaan wat EK hier bedoel.

Julle moet elkeen sorg dat julle afdrukke ook in MY spesiale “rots” gemaak word sodat julle die spesiale behandeling en beskerming van MY kan geniet. Dit sal EK vir enigeen gee wat MY liefhet en MY in sy hart dra. Julle sal almal nog eendag julle afdrukke in MY rots maak afhangende van julle liefde vir MY, en selfs die ongelowiges sal nog hulle afdrukke daar maak, maar dalk eers in ‘n ander tydvak. Dit maak nie aan MY saak nie, EK wil net al MY kinders, die engele wat EK geskape het, weer terug hê en elkeen teen MY bors vashou. Amen.

# DEEL 37

***20 Feb.2008 13:45***

Ek is saam met Jahshua en HY wys my ‘n geveg tussen die ou Boere en die Zoeloes. Jahshua sê dit is die slag van Italeni en ek sien ‘n paar Boere en Zoeloes wat op hulle afstorm en hulle oorweldig. Toe sien ek iemand op ‘n perd aangejaag kom en daar lê iemand op die grond. Die ruiter ry verby, maar swaai om en kom terug gejaag na die gewonde op die grond. Ek weet dat dit Piet en Dirkie Uys moet wees. Ek sien die seun wat reg voor sy pa gaan staan en dan kom daar baie Zoeloes aan en soos blits is hulle oorweldig en word hulle doodgemaak. Jahshua sê vir my dat die swartes nog vandag onder mekaar praat van daardie slag en dat hulle staatmaak op die tweedrag tussen die Boere en dat hulle beplan om die Boere in lokvalle in te lei, maar Jahshua sê dat dit hoegenaamd nie so sal wees hierdie keer nie en Hy wys my hoe dit hierdie keer gaan wees. Ek sien toe ‘n perfekte spierwit “geestelike” vierkant. Dit is Boere en hulle is almal rein omdat ek niks duisternis in die vierkant sien nie. Hulle loop perfek in gelid terwyl hulle sing. Hulle loop op die maat van die lied en Jahshua loop heel voor. Hulle sing “Voorwaarts Christenstryders” en is perfek in maat en gelid. Wanneer daar swartes van voor af aanstorm, hou hulle aan met sing maar elke Boer lig op presies dieselfde oomblik sy geweer op en skiet tegelyk. Dan word hulle omsingel en op presies dieselfde oomblik draai almal na die kant toe wat die naaste aan elkeen is en skiet. Met ander woorde almal wat agter loop draai op dieselfde oomblik om en skiet

agtertoe, en almal aan die linkerkant draai gelyk links en so ook met die regterkant. Na die skoot geklap het draai almal weer perfek en op dieselfde oomblik terug en kyk weer vorentoe. Hulle hou aan sing vir Jahshua: "Voorwaarts Christenstryders, voorwaarts om te stry, laat die kruis van Jahshua in die strydperk lei. HY Jahweh en koning, voer SY leër aan. Laat SY vaandel vooraan op die slagveld gaan". Jahshua sê dit sal hierdie keer hulle wees wat verward sal wees en in tweedrag sal wees.

***Jahshua dikteer:***

EK sal SELF MY volk lei in die stryd wat vir hulle voorlê en niks en niemand sal die eenheid onder hulle kan breek nie omdat hulle een sal wees in MY. EK sal elke een se hart bewerk en hy sal net weet wanneer om te skiet en wanner om te reageer. Niemand sal hulle van stryk kan bring nie omdat hulle nie soos die leërmagte van die aarde sal wees nie. Hulle sal net deur MY aangevoer word en niemand sal hulle voorgaan nie. Wel sal EK leiers onder hulle stel maar EK sal SELF daardie leiers ook kies en hulle sal MY bo alles stel en so sal daar niemand voor loop wat nie deur MY SELF gekies is nie. Die wat voorloop en die wat agter loop sal presies dieselfde wees omdat niemand sal dink hy is beter of belangriker as die ander een nie. MY GEES sal die Leier wees en almal, elke liewe Boer, sal net na MY Stem binne hom luister. Die wat nog nie MY STEM sal kan hoor teen daardie tyd nie, sal dan ook die ander gehoorsaam omdat hulle MY liefhet en hulle broeders respekteer, maar baie vinnig op die strydveld sal hulle ook MY Stem hier in hulle binneste kan hoor. Dit sê EK vir julle, MY volkie, wat al baie swaar gehad het onder die ander nasies.

Amen.

# DEEL 38

***20 Feb.2008 12:15***

Ek was in die Gees by Jahshua by 'n rivier gewees en daar het HY met my oor baie dinge gepraat en toe sê HY vir my dat HY my iets wil gaan wys. HY vat my toe na 'n baie mooi groen plek met 'n baie groot meer. Jahshua sê vir my dat dit SY lewende

water is en HY laat Ons in die water afgaan. Die water is helder en skoon , maar hoe dieper Ons afgaan word dit al hoe ligter. Die water is helderder, skoner en suiwerder as enige water wat ek nog ooit gesien het. Die meer is ontsaglik diep en hoe dieper Ons gaan, word dit nog ligter en ligter om Ons. Jahshua sê toe dat die meer oneindig diep is en dat jy vir ewig daarin af kan gaan en nooit die bodem kan vind nie. Ook is die water glad nie donker soos aardse water nie, maar dis spierwit daar onder. Dan sien ek boekies wat hier voor my oë in die water is en ek sien dit is al die nuwe openbaringe. Maak en Breek, Marieta en Anelda en ook oom Bertus se boeke dryf daar rond. Jahshua sê dit is SY lewende water wat HY oor ons uitgegiet het.

***Jahshua dikteer:***

EK sal aan julle steeds nuwe dinge openbaar en nuwe dinge aan julle gee. MY knegte sal skryf tot die stryd begin en dan sal hulle almal ander werk vir MY verrig. Hulle sal nog steeds hulle naaste dien soos nou, maar op ‘n ander manier. EK sal MY lewende water nooit van julle weerhou nie omdat dit vir julle die lewe beteken. MY liefde is die lewende water en daarom is dit helder en skoon en hoe dieper jy gaan, hoe dieper sal jy met MY GEES vervul raak. Lees MY woord en drink die lewende water en jy sal leef en nie in ‘n woestyn verkeer nie. Amen.

# DEEL 39

***21 Feb.2008 06:28***

EK was saam met Jahshua in die Gees en ek sien dat my man ook by HOM is en HY dra ons altwee na ‘n plek waar ons die son mooi kan sien. Dit is ‘n opkomende son en baie groter as wat die son nou is. Die son kom agter die berg uit en ek sien daar kom baie mense oor die horison aangestap na Jahshua. Hulle sing weer ‘n lied, maar hierdie keer sing hulle: “En hoor jy die magtige dreuning” wanneer hulle die tweede vers begin, sing hulle, hulle eie woorde waarin hulle Jahshua loof en dank vir die oorwinning wat net HY gegee het.

***Jahshua dikteer:***

Julle sal sing van MY verlossing wat EK oor julle laat skyn en julle sal in blydskap aan julle ou volksliedere dink en dan sal julle weet dat dit eintlik nou eers op julle van toepassing is en nie regtig op daardie tyd nie. Nou ontwaak julle eers regtig omdat julle geestelik ontwaak het, terwyl die ou mense geestelik nog geslaap het in vergelyking met julle vandag. Hulle het MY geken en het geweet dat hulle heil by MY lê, maar júlle ontwaak uit julle doodslaap en sal daarvan sing. Julle is die eerste geslag op aarde sedert die mense wat saam met MY geleef het, wat so geestelik ontwaak het en julle is ook die enigste, oorblywende geslag wat MY weer in die vlees sal sien. Die wat MY graag so wil sien kan verseker wees dat EK nie sy hoop en sy begeerte net so sal laat nie. Julle sal so aangestap kom na Migdol net soos wat MY skryfkneg gesien het, maar wat sy nagelaat het om te sê is dat julle in die grootste geluk gestap het en ook het julle rustig en op julle tyd geloop. Niemand wat julle verjaag nie. Nee, rustig en op julle tyd sal julle julle na Migdol haas. Die teenstelling in die vorige sin, sal julle laat sien hoedat julle sonder om verjaag te word soontoe gaan, maar julle sal so gou as moontlik daarheen wil kom, sodat julle MY daar kan sien. EK sal elkeen daar teen MY Bors vashou soos wat MY skryfkneg en haar man in MY arms gestaan het. Amen.

# DEEL 40

***26 Feb.2008 06:40***

Jahshua het my die volgende gewys: HY hou SY handpalm na my en ek sien binne is ‘n kaart van Suid-Afrika. Die kaart krimp die volgende oomblik en die hele suide van Afrika is in Jahshua se palm. Toe sê HY vir my dat HY vir ons die hele suide gaan gee. Ek vra HOM toe waar gaan die mense bly omdat ons so min is en dan baie wydverspreid sal wees, en HY antwoord my deur te sê dat ek moet onthou van die mense van die ander lande wat nog hierheen gaan kom en dat elkeen ‘n gebied van sy eie gaan kry. Ook het HY vir my gesê dat HY vir ons al die rykdomme en minerale onder die grond gaan gee, maar dit sal geskied sonder

die pyn wat die myne vandag die aardbodem aandoen. HY het gesê dat HY ons sal wys hoe om dit te ontgin.

***Jahshua dikteer:***

EK sal julle grondgebied vergroot sodat elke volk wat hierheen gaan kom om hulle by julle te skaar, sy eie gebied kan hê om sy eie gewoontes en tradisies verder te bou. EK ag elkeen soos wat EK hulle gemaak het en net soos Israel van ouds, sal elkeen weer by sy eie stam bly. Daarom sal EK vir julle die ander gedeelte van Afrika ook gee en hier sal MY hele volk dan in vrede en liefde saamwoon. MY liefde sal die Regerende Hand wees en die een sal die ander nie skaad nie. EK sal MY liefde en MY GEES van wysheid oor elkeen teenwoordig in hierdie land uitgiet, en julle sal weet dat dit EK is wat hierdie dinge vir julle bewerkstellig, as julle dit met julle eie oë sien. Let net goed op na MY woorde en julle sal dit oorleef sodat EK julle álmal wat nou hier lees hier kan vergader en julle MY kan sien by Migdol hier aan die suidpunt van Afrika, waarheen EK sal kom in die vlees. Die wat nie glo nie sal dit dan ook nie kan waarneem nie, maar in MY groot genade, weet EK tog wie dit nie glo nie, maar tog na MY soek en EK sal hulle ook daarheen bring. Hulle sal weliswaar die heel laastes wees waarna EK gaan, maar EK sal MYSELF nogtans nie van hulle weerhou nie. Luister goed na MY woorde en weet dat dit EK is wat hier spreek. Dit sê die Grootste, Allerhoogste Vader van MY volk Israel, wat verspreid nog oor die hele aarde woon en werskaf. EK sal julle hierheen bring, julle almal wat van vêr oor die see hierheen wil kom om julle by MY kinders in Suid-Afrika te kom vestig. EK sal julle daar anderkant nie vergeet nie. MY guns het op die Boervolk van Suid-Afrika geval en EK sal MY GEES hier uitstort en as julle graag deel daarvan wil wees, rig net julle oë op MY en vra MY in die diepte van jou hart sodat EK jou hierheen kan bring, nadat Ek die land weer aan hulle terug gegee het. Dit sê EK vir die mense van die ander lande en EK wil aan hulle ook sê dat EK hulle nie vergeet het nie en dat EK MY sal haas om hulle hierheen te bring, waar hulle ook saam met die Boere van Afrika sal bly. Amen

# Deel 42

**9 Maart 2008 07:42**

Jahshua tel my in SY arms op en hou my vas en HY vra of ek HOM sal vertrou met alles. Ek en my man het hierdie afgelope twee weke deur baie dinge gegaan en my siel is vreeslik bewerig omdat ek bang is dat daar nog dinge gaan kom wat vir my swaar is om te dra. Jahshua het ons met dit alles gehelp, maar ons is nogtans bangerig dat daar iets erger op ons wag. Ek weet die vrees is ongegrond maar kan dit nie help nie. HY tel my op en dra my tot by 'n baie groot afgrond wat soos die "Grand Canyon" lyk. Daar is 'n lang smal brug oor. Die brug is van soliede yster en hout gemaak. 'n Baie stewige brug. Jahshua sê die afgrond is die vrees wat ons het en ons moet dit oorbrug. Dan vra HY my of ek oor die brug sal gaan en ek sê dat ek dit net sal doen met SY hulp. HY is binne my en Ons loop oor. Alles gaan goed en toe ek by die einde kom en die kranse hier by my sien, kry begin ek ewe skielik vrees, maar Jahshua sê dat ek net moet verder gaan en alles gaan goed tot ek oor is. Toe is dit my man se beurt en Jahshua wys my dat hy alleen oor stap. Hy kan nie vir Jahshua hoor of sien nie en moet dit alles alleen doen, maar Jahshua stuur my om hom te gaan help. Ek staan voor hom en loop agteruit tot op die punt van die brug. Daar staan hy ook stil toe hy die kranse hier reg voor hom sien en vra net die hele tyd vir hulp. Ek probeer hom oorhelp maar kry dit nie reg nie en ek sien dat Jahshua skielik 'n ent van ons af staan en ek vra HOM vir hulp. Skielik kom Jahshua in beweging en ongelooflik vinnig, gryp HY my man en bring hom op die gras. My man sit op SY skoot en maak nie sy oë oop nie al praat Jahshua sag met hom. Jahshua sê dat ek vir hom water uit my kalbassie moet gee en hy maak sy oë oop en sien vir Jahshua. Hy is baie bly en buig voor HOM neer. Jahshua vra hom of hy dors is en hy sê ja. Uit Jahshua se hand kom 'n fontein en hy drink met oorgawe. Ook word daar brood aan hom gegee wat hy baie vinnig eet. Hy word skielik baie groot, soos 'n engel en Jahshua vra of hy HOM sal dien en hy sê dat hy dit met die grootste vreugde sal doen. Toe stuur Jahshua hom om mense na HOM te bring en hy doen dit ontsettend

vinnig.

***Jahsua dikteer:***

Kyk maar na julleself. Julle het almal baie onnodige vrese in julle binneste. MY kinders, Ek is altyd in beheer en niks sal met julle gebeur wat julle nie sal kan dra nie. Gaan na MY knegte en vra hulle waarom hulle vrees. Hulle is almal bang dat EK hulle nie sal lei soos wat EK gesê het nie. Julle moet onwrikbaar in MY vertrou en julle sal almal van die brug afkom en veilig in MY arms sal julle dan wees. MY kind, van wie hier gepraat word, het haar man gelei omdat EK in haar was. Hy moes na haar kyk en MY in haar sien, maar die vrees was te groot toe hy die probleem sien. EK sal julle nooit bo julle kragte versoek nie en niks sal gebeur wat julle geestelik sal benadeel nie. Nie eers die dinge wat fisies met julle gebeur sal julle benadeel nie want EK sal julle nooit in die hande van die bose gee nie. Luister nou na MY en weet dat Ek ten volle in beheer is en niemand kan julle uit MY hand uitruk nie. Die wat wel uit MY hande uitgaan, doen dit self en dit is nie EK wat hulle daar laat uitgaan nie. MY kinders, die tyd is baie naby dat die boodskapper uitgaan en EK weet alleen waarom hy nog nie uit kon gaan nie. Julle moet weet dat die regte tyd al hier is en dat julle hom moet verwag want sy uur het gekom. MY skryfkneg sit nou hier en dink dat EK dit al baie gesê het en dat dit nog nie gebeur het nie, maar julle weet nie wat in die geesteswêreld gebeur het nie. EK het hom al uitgestuur en hy het al gedoen wat hy moes, maar nou is dit egter die beurt vir sy fisiese verskyning. Wees hom te wagte want die tyd is hier. Amen.

# Deel 43

**16 Maart 2008 08:00**

Ek het vanoggend ‘n ent gaan stap en Vader het my die volgende gewys; Ek het Jahshua voor my sien staan en die volgende oomblik het ek perdepote agter my gehoor ‘n ruiter wat baie vinnig aan gegalop kom. Die ruiter gaan by my verby en stop toe reg by Jahshua. Ek weet dit is die boodskapper en vra vir

Jahshua wanneer hy gaan kom aangesien ons hom nog nie gesien het nie. Jahshua gryp die perd se teuels vas en die ruiter spring af en buig voor Jahshua. Toe hoor ek ewe skielik die gedruis van baie voete op die aarde en dog dit is die vyand wat aankom, maar die volgende oomblik kom hier baie mense tot voor Jahshua en staan by HOM. Toe word ek aangesê om dit te kom tik.

***Jahshua dikteer:***

MY kinders in die tyd wat kom gaan daar baie snaakse en onbekende dinge met julle begin gebeur en EK wil hê dat julle net moet glo en vertrou op MY en MY woorde wat EK al in die verlede aan julle gegee het. EK het van die boodskapper gepraat wat sou kom en in der waarheid is hy al besig onder julle, maar julle besef dit nie. Dit is maklik om MY daarvan te beskuldig dat EK nie MY woorde nakom nie net omdat julle dit nie sien gebeur nie, maar Ek sal nooit vir julle lieg nie, en as EK sê dat die boodskapper al uit is, dan is hy uit. Wat weet julle van die lewe in die gees? Julle is almal babas in die gees en net daarom verstaan julle nie MY woorde nie en neem julle alles letterlik op. Maar EK hét gesê dat die boodskapper in die vlees na julle sal kom en EK bly daarby want dit sal so ook gebeur, wanneer julle dit nie verwag nie. MY kinders, glo net wat EK vir julle sê en weet dat EK alles vir julle sê deur MY wysheid en dat EK verwag dat julle MY onvoorwaardelik sal glo omdat dit EK IS wat spreek.

Amen.

# Deel 44

**19 Maart 2008 01:10**

Ek het wakker geword en Jahshua het gesê dat HY my iets wil wys. Ek het gesien dat HY so entjie voor my staan, maar langs my is twee mure. Die mure is donkerbruin en swart. Dit laat my dink aan swart gekookte kondensmelk of ghries en ek wil nie daaraan raak nie. Vader sê toe vir my die mure stel die liggaam voor en wanneer jy aan jou liggaam verkleef is, sit jy aan die mure vas.

***Jahshua dikteer:***

Ja, MY kinders, dit is hoe die liggaam in die gees lyk. Dit is klewerig en jy sal maklik weer daaraan kan vasgroei as jy nie versigtig is nie. Dit help nie jy het jou liggaam afgelê en jy begin weer aardse dinge te doen nie. Dan het jou vorige oorwinning oor jou liggaam jou niks gebaat nie. Lê jou liggaam permanent af en jy sal vry bly van die aardse smet en alles wat aan die liggaam kleef. Dit sê EK vir julle en nou weet julle hoe gevaarlik dit is om weer na jou ou gewoontes en plesiere van jou liggaam terug te keer. Bly by MY en jy sal nie aan jou liggaam vasgeheg bly nie. Dis MY woorde van waarskuwing aan julle om nie julle liggame teveel te behaag nie. Amen.

# Deel 45

**19 Maart 2008 07:19**

Voor ek gisteraand gaan slaap het, het ek vir Vader gevra of HY my nie drome sal gee nie, maar ek het bedoel mooi drome. HY het vir my gesê HY sal vir my drome laat droom wat my geestelik sal help. Ek het egter die hele nag nagmerries gehad en my lyf was sommer seer toe ek opstaan vanmôre. Ek was verbaas gewees omdat ek onthou het wat Vader gesê het voordat ek gaan slaap het en het gedink dat die fout by my lê. HY het my verseker dat dit wel HY was wat vir my die aaklige goed laat droom het en ook het HY vir my opdrag gegee om dit te kom tik. Ek het gedroom dat ek by die herberg is en dat daar ‘n meisie is wat ons na Vader teruggelei het nadat sy afgedwaal het van HOM. Elke een van ons het haar ‘n hou op die boud gegee en sommer ‘n preek daarby. Daarna droom ek toe dat ons almal in die straat loop en sy al hoe verder terug val en later draai sy heeltemal om en hardloop terug. Toe begin ons planne maak om haar terug te bring. Ek gaan toe met blomme na haar en vertel haar dat ons haar spesiaal sal behandel en dat sy die eerste rit in ‘n nuwe kar kan kry. Ons almal dra wit blomme wat ek nie ken nie na haar en vertel vir haar ‘n klomp leuens net om haar weer hier te kry. Net toe ons by die deur van die saal kom waarin ons was, is die polisie daar en ek sien die meisie het saam met die polisie

gewerk om ons te laat vang en sy lag lekker vir ons omdat ons gedink het ons het haar nou. Die volgende oomblik is daar mense wat met olie 'n sirkel om ons op die vloer gooi en ook ons self. Dan sê hulle dinge oor en oor, asof hulle ons met hulle geloof bestraf. Ons sit maar doodstil en weet nie wat om te doen nie. Êrens in my gedagte is Vader, maar baie verwyder en ek dink nie daaraan om HOM vir hulp te vra nie. Dan moet ons almal op die vloer sit terwyl daar mans is wat kaart speel op 'n tafel langs ons. Die ongehoorsame meisie word ook gedwing om by ons te sit. Langs ons sit 'n koddige klein mannetjie met 'n drom en hy slaan oorverdowend hard daarop. Hy hou aan en aan totdat ek dit nie meer kan uithou nie. Ek druk nie my ore toe nie, maar dit is iets vreeslik en net toe ek dink dat ek glad nie meer kan uithou nie, word ek wakker met 'n lyfseer. Vader sê toe vir MY dat ek hierdie aaklige droom moet kom neerskryf omdat HY ons iets hieruit wil leer.

***Jahshua dikteer:***

EK het aan haar hierdie droom gegee om aan julle almal te wys hoe dit is as jy in jou verstand leef en nie in jou hart nie. MY kinders, julle is geneig om planne te maak en dinge te doen sonder dat julle MY eers vooraf geraadpleeg het. Die meisie stel iemand voor wat in sonde was en toe deur MY gered is. Sy het toe weer terug gegaan omdat almal haar met veroordelende woorde aangespreek het en elkeen wou sy hou inkry om vir haar te preek. EK sê nie dat julle dit met mekaar doen nie, maar waak daarteen dat julle nie mense afskrik deurdat julle dink dit is geregverdig om met iemand te raas nie. EK is in beheer van alles. Dan beteken die volgende gedeelte waar julle haar met blomme en leuens na MY wou terug lok net dat julle alles eers met MY moet kom bespreek voordat julle planne maak om dinge te doen. EK sal julle help as julle in julle harte bly en nie in julle verstande nie. Al die verkeerde dinge sal met julle gebeur as julle nie in julle harte bly nie en daarom het dit vir haar gevoel of EK vêr is en sy nie eintlik aan MY gedink het en by MY om hulp kom vra het nie. Die wêreld met sy sonde sal julle dan gou beet kry en julle gevange neem en julle sal ten prooi val in hulle hande sodat

julle niks anders kan doen nie as om net die hele tyd na hulle geraas te moet luister. Vrees niks, MY kinders want EK is by julle in julle harte, maar bly julle ook in julle harte en dan sal die bose maar kan raas. Die rede dat die drom in die droom was, is 'n aanduiding van die slim plan van die satan om julle ore besig te hou sodat julle nie in julle harte kan ingaan en MY daar aanroep nie. Moenie luister na kletspraatjies nie en weerhou julle van die wêreldse musiek wat julle aandag van MY aftrek. MY kinders, die net is vir julle so slu gespan dat julle dit nie sal agterkom voordat dit te laat is nie, en daarom moet julle die hele tyd in julle harte bly en met MY praat sodat EK julle teen alles kan waarsku. Luister net na MY en moenie met mekaar baklei oor nietighede nie. Laat vaar alles wat jy teen iemand anders het en vergewe hom soos wat EK hom vergewe. Moenie vir 'n ander probeer preek nie want dit sal hulle net van julle af wegjaag. Laat alles in MY hande en julle sal alles reg doen en die wat van MY afgedaal het, sal dan self deur MY na julle terug gelei word. Amen.

***17 Junie 2008  7:00***

Jahshua het my met die volgende woorde wakker gemaak. Vanoggend sal die son in jou hart opkom. HY wys my toe 'n horison en 'n son wat agter die horison opkom. Die horison is 'n rooi stuk vleis, net soos 'n mensehart. Soos wat die son op dit skyn, verander die hart stelselmatig. Eers verskyn daar net fyn liggies wat blink op die hart en namate die son skyn word die hele oppervlakte van die hart spierwit en rein. Die hart begin dan baie sterker te pols en Vader sê dit is die pols van liefde.

**Vader dikteer:**

Julle almal sal weet wat hierdie beteken, maar tog wil EK dit weereens vir julle uitlig. Die hart wat eers soos vleis gelyk het, is die vleeslike hart wat later toe vergeestelik het. Wat beteken dit? Dat MY liefde wat in hierdie hart ingeskyn het, dit laat vergeestelik het. Nou, MY kinders, hoe lyk julle harte al tot dusvêr? Lyk dit al soos die hart wat met egte naasteliefde begin pols het of is dit nog 'n dooie stuk vleis? Die naasteliefde sal julle harte warm laat klop vir elkeen wat ook nog in die sonde

vasgevang sit en al lyk dit vir julle of iemand die verkeerde pad gekies het, sal julle hom of haar nogtans liefhê, want dit is hoe EK is. As julle dus gelyk aan MY wil wees, met ander woorde, wedergebore, moet julle julle harte na ander wat nog nie by MY is nie, laat uitgaan en vir hulle bid sonder om hulle te oordeel. Kyk maar na die mense wat nou saam met julle in dieselfde tent sit. Het jy hulle regtig lief en sal jy alles dra wat hulle op jou pad gooi, al is hulle selfsugtig en vol van hulle eie ek? Dra EK nie jou sondes en eie ek nie? As EK dit van jou dra, vra EK jou om dit van ‘n ander ook te dra en te vergewe as hulle iets aan jou doen. Weet julle dat die sondeval van die engele die grootste klap in MY gesig was? Om te dink dat hulle MY kon aanskou in MY liefde, al was hulle nie die heletyd by MY nie?En hulle kies die liefdeloosheid. MY kinders, en nogtans kom EK aarde toe en laat toe dat hulle MY kruisig. Julle ken die skeppingsleer en weet waaroor dit gaan en net daarin kan julle MY groot liefde vir elke groot sondaar sien en nou wil EK julle net weer daarop wys dat dit julle belangrikste eienskap moet wees. Liefde. Eerstens vir MY en dan weereens vir jou naaste soos wat EK al honderde male in die verlede gesê het.

Amen.